DUISEND-EN-EEN NAGTE

AAN ONS KINDERS VERTEL

STORIES UIT DUISEND-EN-EEN NAGTE

AAN ONS KINDERS VERTEL

DUISEND-EN-EEN NAGTE

Hy laai nog twee sakke goud op sy sterk swart perdjie (bl. 7)

STORIES UIT
DUISEND-EN-EEN NAGTE

AAN ONS KINDERS VERTEL DEUR

MEVR. A. E. CARINUS

UITGEWERS

J. L. VAN SCHAIK BPK. PRETORIA

DIE DUISEND-EN-EEN NAGTE

Daar was eenmaal 'n Sultan van Arabië wat gedink het dat 'n vroumens sommer niks beteken nie. Elke dag is hy met 'n ander vrou getroud, en die volgende môre gee hy dan die bevel dat sy moet onthoof word. Op dié manier het daar baie verdriet in sy land gekom, want geen meisie of vrou het geweet wanneer dit haar beurt sou wees nie, totdat 'n slim vrou 'n plan uitgedink het om 'n einde te maak aan daardie wrede gewoonte. Sy het na die paleis gegaan en self aangebied om die Sultan se vrou te word. Sy was baie mooi, en die Sultan was gewillig. Daardie nag het sy vir hom stories vertel wat so wonderlik was dat die Sultan altyd meer wou hoor, en die volgende môre die bevel gegee het dat sy nie moes onthoof word voordat al die stories klaar vertel was nie.

Nag vir nag, vir duisend-en-een nagte, het sy vir hom stories vertel, en naderhand

het die Sultan geleer om haar lief te kry en haar te vertrou, sodat hulle tot die dood toe gelukkig saamgeleef het.

Hierdie boekie gee maar net 'n paar van die stories wat die Sultan so mooi gevind het, en ons vertel dit oor, omdat ons meen dat dit vir Afrikaanse kinders net so mooi sal wees as vir die Sultan van Arabië, in die gelukkige dae van Vanmelewe.

A. E. C.

INHOUD

	Bls.
Ali Baba en die Veertig Diewe	1
Aladdin en die wonderlike lamp . . .	18
Die betowerde perd	53
Sindbad die Seeman	68

LYS VAN ILLUSTRASIES

Hy laai nog twee sakke goud op sy sterk swart perdjie . . . . *Titelplaat*

Hy klim in 'n boom om te sien wat gebeur . . . . . *By Bls.* 4

'n Groot donker figuur verrys stadig uit die vloer 22

Hy gryp die Towerlamp met albei hande 39

Die Betowerde Perd afdaal deur die sterligte nag 55

Hy dra 'n baie swaar pak 70

Hy gryp my agter my nek 102

Die ou ellendeling draai sy gespierde bene styf om my nek vas 119

STORIES UIT
DUISEND-EN-EEN NAGTE

ALI BABA EN DIE VEERTIG DIEWE

In 'n sekere dorp in Persië het daar eenmaal twee broers gewoon. Hulle name was Cassim en Ali Baba, en na hulle vader se dood is al sy besittings onder hulle verdeel, sodat albei die lewe met dieselfde fortuin begin het.

Maar kort daarna is Cassim met 'n ryk vrou getroud, en Ali Baba met 'n arm een. Dus het Cassim soos 'n edelman gelewe en niks gedoen nie, terwyl Ali Baba swaar moes werk om 'n bestaan te maak. Dag vir dag het hy na die bos toe gegaan om hout te kap, dit op sy drie perde gelaai, en dan na die dorp gebring om te verkoop.

Eendag, toe Ali Baba weer in die bos was, sien hy daar ver 'n groot stofwolk, en toe dit naderkom, merk hy dat die

stof gemaak word deur 'n trop mans te perd wat nader galoppeer.

„Dit moet seker rowers wees," dink Ali Baba, en hy bewe van vrees. So gou soos die wind steek hy sy perde weg en klim in 'n boom om te sien wat gebeur.

Die boom waarin hy sit was naby 'n groot rots, en toe die rowers onder hierdie boom kom, klim hulle almal van hulle perde af en haal hulle saal-sakke af. Die sakke was so swaar dat Ali Baba kon raai dat hulle almal vol goud was.

Toe stap die kaptein van die bende na die rots toe en sê met 'n harde stem : „Gaan oop, Sesam."

Tot Ali Baba se verbasing, gaan 'n geheime deur in die rots langsaam oop, en die hele bende rowers marsjeer in. Na 'n paar oomblikke kom hulle weer uit, en die kaptein skree : „Gaan toe, Sesam." Die deur gaan dadelik agter hulle toe, en niemand sou geraai het dat daar 'n ope-ning in die soliede rots was nie.

Sodra die rowers weer verdwyn het, klim Ali Baba gou uit die boom en loop na die rots toe. ,,Gaan oop, Sesam,'' sê hy.

Die deur gaan oop, net soos dit die eerste keer gedoen het, en Ali Baba stap binne. Hy bevind hom in 'n baie groot spelonk waar pragtige systowwe en groot sakke vol silwer en goud opgestapel lê. Dit het seker honderde jare geneem om dit te versamel, dink Ali Baba. Hy soek sorgvuldig ses sakke vol goud uit, en laai dit op sy perde, met vragte hout bo-op, om die sakke te verberg. Daarna roep hy uit : ,,Gaan toe, Sesam,'' en die deur glip toe sonder 'n geluid, sodat daar geen teken van die opening kon gesien word nie.

Toe Ali Baba by sy huis kom, en sy vrou die sakke goud sien, kyk sy hom verdrietig aan.

,,Ag, my man,'' sê sy, ,,kan dit wees dat jy 'n dief geword het ?'' ,,Nee, ek is nie 'n dief nie,'' val Ali Baba haar in die rede, ,,maar hierdie goed is darem werklik gesteel.'' En hy vertel haar van

sy awontuur in die spelonk, en hoe hy die goud gekry het.

Toe was die arme vrou regtig bly, en sy begin die goudstukke te tel wat Ali Baba uit die sakke gooi.

„Dit is 'n dwase ding om te doen," sê Ali Baba, „want dit sal weke neem om dit te tel. Laat dit staan, en ek sal 'n gat in die tuin grawe om dit weg te steek."

„Maar dit sou tog verstandig wees om te weet hoeveel ons besit," antwoord sy vrou. „Ek gaan 'n maatemmer by jou broer Cassim leen, en dan kan ek die goud weeg solank as jy die gat grawe."

Sy draf na Cassim se huis toe, en omdat hy nie tuis was nie, vra sy vir sy vrou om haar 'n maatemmer te leen.

„Ek sal dit dadelik gaan haal," antwoord die vrou. Maar sy wonder hoekom Ali Baba 'n maatemmer nodig het. Daarom vryf sy 'n bietjie vet onder op die boom van die maatemmer, in die hoop dat 'n bietjie van die goed wat daarin geweeg word aan die vet sou vassit.

Hy klim in 'n boom om te sien wat gebeur (bl. 2)

Ali Baba se vrou het haastig huis-toe geloop, en nadat sy die goud geweeg het, neem sy die maatemmer weer terug. Maar sy merk nie dat daar 'n stuk goud onder aan die boom vassit nie.

„Wat beteken dit?" sê Cassim se vrou, toe sy dit sien. „So, dan is Ali Baba te ryk om sy goud te tel, hy moet dit meet!"

Toe Cassim by die huis kom en die storie hoor, was hy baie kwaad, en hy gaan dadelik na sy broer se huis.

„Wat meen jy daarby om my so te bedrieg?" vra hy. „My vrou het uitgevind dat jy so baie goud het dat jy dit nie meer kan tel nie. Vertel my dadelik hoe jy dit in die hande gekry het."

Ali Baba sien meteens hoe sy geheim ontdek is, en toe vertel hy maar die hele geskiedenis vir sy broer, en noem selfs die betowerde woorde, maar hy smeek hom om die geheim nie te verklap nie.

Cassim gaan huis-toe, en neem twaalf donkies, en gaan soek na die spelonk wat sy broer beskryf het. Toe hy daar aankom, bind hy die donkies buitekant vas, en

skree so hard as hy kon : ,,Gaan oop, Sesam !'' En, ja waarlik, die geheime deur was oop !

Maar Cassim was 'n gulsige mens, en hy was so bly en opgewonde toe hy al die skatte van die rowers sien, dat hy dans van vreugde. Hy maak twaalf van die grootste sakke goud bymekaar en sleep hulle na die deur toe. Toe dink hy aan die betowerde woorde, maar kon hulle nie onthou nie. ,,Gaan oop, Gars,'' sê hy.

Maar die deur bly styf toe. Nou moet julle weet dat Sesam 'n soort graan is wat in Persië groei, en daarom meen Cassim dat die woord Gars net so goed sou wees. Hy probeer elke woord wat die naam van 'n soort graan is, maar dit help niks, die deur gaan nie 'n skrefie oop nie.

En daar kom die rowerbende aan ! Toe die kaptein ,,Gaan oop, Sesam,'' roep en instap, vind hy Cassim daar met al die swaar sakke goud wat hy probeer wegdra.

Die rowers was woedend toe hulle sien dat hulle geheime bêreplek ontdek is, en hulle gryp die arme Cassim en sny hom

aan stukkies, en hang die stukkies op in die spelonk as 'n waarskuwing vir enigeen wat sou probeer om hulle geld te kom steel.

Toe dit donker word en Cassim kom nie huis-toe nie, was sy vrou baie bekommerd, en sy loop na Ali Baba toe en smeek hom om te gaan uitvind wat van haar man geword het. Ali Baba neem sy drie perde die volgende môre vroeg, en ry na die rowers se spelonk toe.

„Gaan oop, Sesam," roep hy uit, en toe die deur oopgaan stap hy binne.

Helaas, dit was net soos hy gevrees het. Die rowers het sy broer in die spelonk gekry en hom aan stukke gesny. Ali Baba haal die stukke af, sit hulle sorgvuldig bymekaar, en laai hulle op twee van sy perde. Maar op die swart perdjie laai hy nog twee sakke goud.

Toe gaan hy huis-toe, en toe hy aan Cassim se deur klop, word dit oopgemaak deur 'n slavin, Morgiana, die slimste en beste van al sy broer se dienaars.

Ali Baba neem haar eenkant en praat suutjies met haar. „Jou baas is deur die

rowers doodgemaak en aan stukke gesny," sê hy, „maar niemand mag dit weet nie. Jy moet 'n plan uitdink om dit geheim te hou." Want hy het geweet wat 'n slim meisie Morgiana was.

Daarna gaan hy die huis binne, en vertel die droewige nuus aan Cassim se vrou.

„Moenie treur nie," sê hy, „jy kan by my en my vrou kom woon en al ons skatte met ons deel. Maar ons moet goed oppas dat niemand ons geheim agterkom nie."

Hulle laai die stukke van arme Cassim se lyk af en vertel vir die bure dat hy skielik in die nag dood is.

Toe gaan Morgiana na 'n ou skoenmaker wat 'n endjie daarvandaan woon, en vra hom om met haar saam te gaan, en sy naalde en garing ook saam te bring. „Jou werk moet 'n geheim bly," sê sy, „en ek moet jou blinddoek voordat ek jou na die huis toe bring."

Eers het die ou skoenmaker geweier om dit te doen, maar Morgiana druk 'n stuk goud in sy hand, en toe laat hy hom blinddoek en na Cassim se huis toe lei.

Daar beveel Morgiana hom om die stukke van haar meester se lyk aanmekaar te werk, en hy het dit so netjies gedoen dat niemand die lasplekke kon sien nie. Daarna blinddoek sy hom weer en lei hom huis-toe.

Dit lyk nou of die geheim veilig is, en Ali Baba en sy vrou gaan dus by Cassim se vrou woon.

Toe die rowers by die spelonk kom en vind dat die liggaam weg is, sowel as die twee sakke goud, word hulle woedend.

„Iemand weet van ons geheim," sê hulle. „Ons moet dadelik uitvind wie dit is."

Hulle besluit toe dat een van die rowers hom sou vermom, na die dorp toe gaan, en probeer om uit te vind wie die man is wat hulle in die grot gekry het, en wie se lyk nou weggesteel is. Want dan sou hulle ook weet wie die stukke weggedra het en hulle goud gesteel het.

Dit gebeur toe dat die eerste winkel wat die rower die volgende oggend instap, die ou skoenmaker s'n was, dieselfde man wat Cassim se lyk aanmekaar gewerk het.

„Goeiemôre, vriend," sê die rower, „jy begin vroeg met jou werk. Is jou oë dan nie te oud om nog in hierdie lig te sien nie?"

„My oë is beter as die meeste mense s'n," antwoord die skoenmaker. „Ek het gister nog vier stukke van 'n mens se liggaam aanmekaar gewerk met naald en garing, en so netjies dat niemand die nate kan sien nie."

„So!" sê die rower, „en wie is nogal daardie man?"

„Dit kan ek jou nie vertel nie al wil ek ook," antwoord die skoenmaker. „Want ek is eers geblinddoek en toe na die man se huis toe gebring, en ek het dieselfde pad teruggekom ook."

Die rower druk 'n goudstuk in die skoenmaker se hand, en smeek hom om te probeer om die huis weer te kry.

„Ek sal jou blinddoek," sê die rower, „en dan bring jy my dieselfde pad langs wat jy gister geloop het. As jy my die huis kan wys, kry jy nog meer goud."

Eindelik gee die skoenmaker in, en

nadat hulle hom geblinddoek het, stap hy stadig aan tot hy by Cassim se huis kom, en daar bly hy staan. ,,Dit moet die plek wees soos ek dit onthou,'' sê hy.

Toe haal die rower 'n stuk kryt uit sy sak en maak 'n wit merk aan die deur sodat hy dit weer kan ken. Nadat hy dit gedoen het gaan hy baie opgeruimd terug na sy maats in die bosse.

Nie lank daarna nie, toe Morgiana besig was om water in die huis te dra, sien haar skerp oö 'n vreemde merk aan die deur. ,,Dit is 'n towerteken, om my meester kwaad aan te doen,'' dink sy.

Daarom gaan sy 'n stuk kryt haal en merk al die huise in die straat met dieselfde merk.

Toe die ander rowers hoor dat hulle maat die huis gekry het van die man wat hulle stukkend gesny het, was hulle bly, en daardie nag gaan hulle om wraak te neem op almal wat in die huis woon met die wit merk aan sy deur. Maar toe die rower hulle in die straat bring, sien hulle dat elke deur dieselfde merk dra, en so

was dit onmoontlik om te weet watter huis die regte een was.

„Jou bog," sê die kaptein kwaai, „is dit jou slim plan ? Ek sal jou dadelik laat doodmaak, en ek self sal uitvind waar daardie dief woon."

Die volgende dag het die kaptein hom vermom en na die ou skoenmaker toe gegaan, wat hom weer na Cassim se huis bring. Maar die kaptein was te slim om die huis met kryt te merk. Hy bekyk dit goed totdat hy seker voel dat hy dit weer sou ken, en toe gaan hy weg om vir die nag se werk klaar te maak.

Eers het hy twintig muile gekoop en daarna nege-en-dertig kruike om olie in te gooi. Een van daardie kruike maak hy vol olie, maar in elkeen van die ander kruike laat hy 'n rower klim. Die kaptein laai die kruike op die muile en vertrek na die stad.

Toe hulle by die huis kom wat die kaptein so goed bekyk het, sien hy Ali Baba buitekant staan om die lekker aandlug te geniet.

„Goeienaand," sê die kaptein en hy buig diep. „Mag ek vannag hier by jou bly, en mag ek my oliekruike in jou agterplaas laat staan ? Ek is 'n koopman in olie en ek kom van veraf."

„Kom binne," sê Ali Baba vriendelik, en hy maak die hek oop vir die muile om in te gaan. Toe beveel hy Morgiana om 'n warm maal vir sy gas klaar te maak.

Die kaptein het met die rowers afgespreek dat hy 'n klippie in die agterplaas sou gooi en dan moes hulle die oortreksel van die kruike oopsny en uitkom om hom te help. Daar sit hulle nou geduldig en wag in die kruike, totdat die kaptein die teken sou gee.

Morgiana was besig om die aandete klaar te maak, maar skielik gaan haar lamp uit, en sy kry nêrens olie in die huis nie. „Ek sal maar 'n bietjie olie uit een van die groot kruike in die agterplaas gaan haal," dink sy. Sy vat haar lamp, en stap na die eerste kruik toe. Maar toe sy nader kom, hoor sy 'n stem wat fluister : „Is dit al tyd ?"

„Nog nie," antwoord sy, en sy gaan na die volgende kruik toe. Uit elke kruik kom dieselfde vraag, en vir elkeen gee sy dieselfde antwoord, tot sy by die laaste kruik kom, en toe merk sy dat hierdie een regtig vol olie is.

„Aha !" sê Morgiana, „dit is 'n mooi oliekoopman ! Dit is niks anders nie as 'n sameswering om my meester te beroof en te vermoor."

Sy gaan gou 'n groot pot haal en maak dit vol olie uit die laaste kruik. Toe sit sy dit op die vuur om te kook. Toe vat sy die kokende olie en gooi 'n bietjie in elke kruik waar die rowers in weggesteek was, en so maak sy hulle almal dood.

Toe die kaptein die klippie in die agterplaas gooi, verskyn daar nie een rower nie, en as hy na die kruike toe gaan, sien hy dat al sy mense dood is. Sy plan was nou tot niet, en hy vlug vir sy lewe.

Die volgende môre neem Morgiana haar meester, Ali Baba, na die kruike toe. Hy skrik toe hy in die eerste kruik loer en daar 'n man in sien. Maar Morgiana vertel

hom gou die hele storie en wys vir hom dat al die rowers dood is.

Groot was die vreugde en dankbaarheid van Ali Baba toe hy sien watter gevaar hy ontwyk het.

„Van hierdie oomblik af is jy nie meer 'n slaaf nie," sê hy vir Morgiana. „Ek maak jou vry, en jy sal nog ander belonings ook kry."

Die kaptein het terug gegaan na die spelonk toe, maar hy was so eensaam en ongelukkig sonder sy manne dat hy nie daar kon bly nie. En hy was nou nog vaster besluit as voorheen om hom op Ali Baba te wreek, daarom dink hy 'n ander plan uit. Hy vermom hom soos 'n groot koopman, en sit 'n winkel op, regoor die een van Ali Baba se seun.

Die groot koopman was so ryk en so vriendelik dat Ali Baba se seun gou vir hom lief geword het en hom na sy vader se huis genooi het vir die aandete, as 'n groot eerbewys.

Maar toe die valse koopman daar aankom, sê hy vir Ali Baba : „Ek sou baie

graag met jou wil saameet, maar ek vrees dit is onmoontlik. Ek het 'n eed geneem om nooit sout te proe nie, en dus moet my kos spesiaal klaargemaak word."

„O, dit is maklik," sê Ali Baba ; „ek sal bevele gee dat daar vanaand geen sout in die kos gesit word nie."

Toe Morgiana dit hoor, dink sy dit is baie snaaks, en sy kyk aandagtig na die gas toe sy die skottels indra.

Maar hoe groot was haar skrik toe sy sien dat dit die kaptein van die rowers is, en dat hy 'n dolk in sy mou weggesteek het !

„Dis geen wonder dat die ellendeling nie wil sout eet saam met die man wat hy wil doodmaak nie," dink sy.

Sy trek haar soos 'n danseres aan, en na die ete neem sy 'n dolk in haar hand, en gaan dans voor Ali Baba en die geselskap.

Sy het so mooi gedans dat almal in hulle skik was, en die valse koopman neem 'n goudstuk uit sy beurs om dit in haar tamboeryn te gooi. Maar terwyl sy die tamboeryn met een hand voor hom hou,

steek sy met haar ander hand die dolk in sy hart.

„Jou ellendige skepsel," skree Ali Baba, „wat het jy met my gas aangevang ?"

„Ek het u lewe gered," antwoord Morgiana. „Kyk hier," en sy wys hom die dolk in die koopman se mou, en toe vertel sy wie die koopman regtig was, naamlik, die kaptein van die rowerbende.

Ali Baba het Morgiana omhels, want hy was baie dankbaar.

„Jy sal met my seun trou," sê hy, „en my dogter word, want jy verdien die grootste beloning wat ek het om te gee."

Nog lank daarna was Ali Baba bang om na die wonderlike spelonk te gaan, maar 'n jaar later het hy weer gegaan, en toe vind hy dat niks verander was na die dood van die rowers nie. Daar was dus niks meer om te vrees nie. So het Ali Baba ryker geword as enige ander man in die land, want die spelonk het altyd oopgegaan as hy die woorde „Gaan oop, Sesam" uitspreek.

ALADDIN EN DIE WONDERLIKE LAMP

Daar ver, aan die anderkant van die wêreld, in een van die groot, ryk stede van Sjina, het daar eenmaal 'n arme snyer, met die naam Mustapha, gewoon. Hy het 'n vrou gehad wat hy baie liefgehad het en 'n enigste seun met die naam Aladdin.

Maar, jammer om te sê, al was die snyer so goed en werksaam, was sy seun so lui en sleg dat sy vader en moeder nie geweet het wat om met hom te doen nie. Hy het die hele dag in die strate met ander seuns gespeel, en toe hy groot genoeg word om 'n ambag te leer, sê hy dat hy glad nie wil werk nie. Sy arme vader was baie bekommerd, en hy roep die seun na sy werkplek toe, en sê hy moet leer om ook 'n snyer te word. Maar Aladdin lag net, en hardloop so vinnig weg dat sy pa en ma hom nie kon vang nie.

„Ag nee," sug Mustapha, „ek kan niks met hierdie lui seun uitvoer nie."

Hy het hom dit so aangetrek, dat hy naderhand siek geword en gesterf het. Toe moes die arme weduwee die winkeltjie verkoop, en probeer om genoeg geld te maak met spin en weef om haarself en Aladdin aan die lewe te hou.

Een dag, toe Aladdin weer soos gewoonlik met die ander straatseuns speel, staan daar 'n lang, donker ou man vir hom en kyk, en toe hulle klaar gespeel het, gee hy vir Aladdin 'n teken om hom te volg.

„Wat is jou naam, my kind ?" vra die ou man. Hy was 'n towernaar uit Afrika, al het hy so vriendelik gelyk.

„My naam is Aladdin," antwoord die seun, en hy wonder wie die vreemdeling kan wees.

„En wat is jou vader se naam ?" vra die towernaar.

„My vader was Mustapha, die snyer, maar hy is al lankal dood," antwoord Aladdin.

„Foeitog!" sê die slegte ou towernaar, en

hy maak of hy huil. „Hy was my eie broer, en jy is dus my nefie. Ek is jou langverlore oom." Hy gooi sy arms om Aladdin se nek en soen hom.

„Sê vir jou moeder dat ek haar vandag sal kom besoek," sê hy, „en gee vir haar hierdie presentjie." Hy druk vyf goudstukke in Aladdin se hand.

Aladdin hardloop vinnig huis-toe om vir sy moeder die storie van die langverlore oom te vertel.

„Dit moet 'n fout wees," sê sy, „jy het geen oom nie." Maar toe sy die geld sien begin sy te dink dat hierdie vreemdeling darem maar seker 'n bloedverwant moet wees, en toe maak sy 'n groot maal klaar om hom te verwelkom.

Hulle het nie lank gewag nie toe verskyn die Afrikaanse towernaar, en hy bring allerhande lekker vrugte en lekkers saam vir die nagereg.

„Vertel my van my arme broer," sê hy, en hy omhels Aladdin en sy moeder. „Wys my die plek waar hy altyd getis het."

Die weduwee wys na 'n sitplek op die sofa, en die towernaar kniel en begin die plek te soen en daar trane te stort.

Die arme weduwee was baie aangedaan, en sy glo nou dat die man regtig die broer van haar oorlede man moet wees, veral toe hy soveel belangstel in Aladdin.

„Wat is jou ambag?" vra hy vir die seun.

„Helaas!" antwoord die weduwee, „hy wil niks anders doen as in die strate rond speel nie."

Aladdin laat sy kop sak van skaamte toe sy oom sy kop skud.

„Hy moet dadelik begin werk," sê hy. „Sal jy daarvan hou om jou eie winkel te besit? Ek sal vir jou 'n winkel koop en dit vol maak met mooi sy en ryk stof."

Aladdin dans rond van pure blydskap toe hy dit hoor, en die volgende dag gaan hy saam met sy sogenaamde oom, wat vir hom 'n pragtige pak klere koop, en hom die hele stad laat sien en al die mooi plekke laat bekyk.

Die dag daarna, neem die towernaar

Aladdin met hom saam, maar dié keer gaan hulle die stad uit, deur pragtige tuine, na die oop veld toe. Hulle loop so ver dat Aladdin begin moeg word, maar die towernaar gee vir hom koek en heerlike vrugte om te eet, en vertel hom sulke wonderlike stories dat hy amper nie merk dat hulle al hoe verder loop nie. Eindelik kom hulle by 'n diep dal tussen twee berge, en daar bly die towernaar staan.

„Wag!" roep hy uit, „dit is net die plek waar ek na soek. Tel gou 'n paar houtjies op dat ons kan vuurmaak."

Aladdin doen soos die towernaar sê, en gou het hy 'n groot hoop droë hout bymekaar. Die towernaar steek dit aan brand, en die vlamme slaan vrolik daaruit. Die ou man strooi nou baie versigtig 'n soort poeier op die vlamme, en al die tyd mompel hy vreemde woorde wat Aladdin nie kon verstaan nie. Dadelik bewe die aarde onder hulle voete, en hulle hoor 'n gerommel soos donderweer wat ver is. Toe gaan die grond voor hulle oop, en hulle sien 'n groot vierkantige klip met 'n ring daarin.

'n Groot donker figuur verrys stadig uit die vloer (bl. 28)

Maar nou was Aladdin so bang dat hy laat vat huis-toe so hard as hy kan, maar die ou towernaar loop hom in en gee hom so 'n hou dat hy op die grond neerval.

„Hoekom slaan jy my so, Oom ?" snik Aladdin.

„Doen wat ek jou sê," sê die towernaar, „en dan sal jy goed behandel word. Sien jy daardie klip ? Onder die klip is 'n groot skat wat ek met jou sal deel. Jy moet my net gehoorsaam, dan sal ons dit gou in hande hê."

Toe Aladdin van die skat hoor, spring hy op en vergeet al sy vrees. Hy gryp die ring soos die towernaar hom beveel het, en ruk die klip gemaklik op.

„En nou," sê die ou man, „kyk af en jy sal 'n kliptrap sien wat na ondertoe lei. Gaan met daardie trap af tot jy by drie groot sale uitkom. Gaan deur hulle, maar sorg dat jy jou jas goed toegeknoop hou, en aan niks raak nie, want as dit gebeur, sal jy dadelik sterwe. Anderkant daardie sale sal jy in 'n tuin vol vrugtebome kom.

Gaan daardeur tot jy by 'n muurkassie kom waar 'n brandende lamp staan. Blaas die lamp uit, giet die olie uit en bring die lamp vir my."

Toe die towernaar dit sê, steek hy 'n towerring aan Aladdin se vinger om hom te beskerm, en hy beveel die seun om nou die trap af te klim.

Aladdin het gedoen net soos die towernaar gesê het. Hy het deur die drie sale en die tuin gestap tot hy by die lamp uitkom, en nadat hy die olie uitgegooi het en die lamp sorgvuldig onder sy jas verberg het, kyk hy om hom rond.

Nooit, selfs nie in sy drome, het hy so 'n lieflike tuin gesien nie. Die vrugte aan die bome was van al die kleure van die reënboog. Party van hulle was helder en skitter soos kristal, ander glinster met 'n bloedrooi lig en ander was groen, blou, violet, en oranje, terwyl die blare wat hulle beskut van goud en silwer was. Aladdin kon nie glo dat daardie vrugte edelgesteentes was nie, diamante, robyne, smaragde, saffiere, maar hulle lyk so

mooi dat hy al sy sakke daarmee vol maak, toe hy so deur die tuin stap.

Die towernaar loer angstig langs die trap af toe Aladdin begin opklim.

„Gee die lamp vir my," skree hy, en hy steek sy hand daarna uit.

„Wag tot ek bo kom, dan sal ek dit vir jou gee," antwoord Aladdin.

„Gee dit dadelik vir my aan," skree die ou man woedend.

„Nie voordat ek veilig buite is nie," herhaal Aladdin.

Die towernaar stamp sy voete van boosaardigheid, en hy hardloop na die vuur toe waar hy weer 'n bietjie van daardie snaakse poeier op strooi, en dieselfde vreemde woorde soos voorheen gebruik, en dadelik glip die klip in sy plek terug, die grond gaan toe, en Aladdin bly alleen in die duisternis agter.

Dit was 'n duidelike bewys dat die ou skelm nie Aladdin se oom was nie. Deur sy towerkunste in Afrika het hy alles van die lamp uitgevind, en dit was 'n wonderlike skat, soos ons sal sien. Maar hy het

geweet dat hy dit nie self kon gaan haal nie, en dat 'n ander hand dit vir hom moes bring. Dit was die rede waarom hy Aladdin gestuur het om dit te haal, en sy plan was om die seun dood te maak net sodra die lamp veilig in sy hande was.

Omdat sy plan misluk het, gaan hy toe maar terug na Afrika, en vir 'n lang, lang ruk het niemand hom weer gesien nie.

Maar daar was die arme Aladdin nou, opgesluit onder die grond, sonder die minste hoop om ooit daaruit te kom. Hy het sy bes gedoen om sy pad terug te kry na die groot sale toe, en na die mooi tuin vol skitterende vrugte, maar die mure was nou toegemessel, en dus kon hy ook nie daarlangs ontsnap nie. Twee dae lank het die arme seun gesit en huil en kerm in sy wanhoop, en net toe hy besluit om maar te sterwe, vou hy sy hande inmekaar, en daardeur vryf hy aan die ring wat die towernaar aan sy vinger gesteek het.

Op die oomblik verrys daar 'n reusagtige figuur uit die aarde en gaan voor hom staan.

„Wat is u wil, my meester ?" vra die figuur. „Ek is die Slaaf van die Ring, en ek moet die mens gehoorsaam wat die Ring dra."

„Wie en wat jy ookal mag wees, neem my tog weg uit hierdie nare plek," smeek Aladdin.

Nouliks was die woorde uit sy mond of die aarde gaan oop, en die volgende oomblik lê Aladdin voor sy moeder se deur. Hy was so swak van die honger, en sy vreugde toe hy sy moeder sien was so groot dat hy flou word, maar toe hy weer reg word belowe hy om haar alles te vertel wat met hom gebeur het.

„Maar gee my tog eers iets om te eet," sê hy, „want ek vergaan van die honger."

„Helaas !" sê sy moeder, „ek het niks in die huis nie as net 'n bietjie katoen, wat ek sal gaan verkoop."

„Wag 'n bietjie," se Aladdin, „laat ons liewers hierdie ou lamp wat ek saamgebring het, gaan verkoop."

Die ou lamp het so oud en vuil gelyk dat Aladdin se ma dit begin opvryf, om dit 'n

bietjie blink te maak, sodat sy 'n beter prys daarvoor kon kry.

Maar skaars het sy die eerste veeg daaraan gegee of 'n groot donker figuur verrys uit die grond soos 'n rookwolk, tot dit teen die solder aan kom, en daar bly dit hang.

„Wat is u wil ?" vra dit. „Ek is die slaaf van die lamp, en ek moet die mens gehoorsaam wat die lamp vashou."

Toe die figuur hier voor haar uit die grond verskyn, het Aladdin se moeder so groot geskrik dat sy flou word, maar Aladdin gryp die lamp uit haar hande, hoewel hy dit skaars kon vashou in sy eie bewende hande.

„Loop haal vir my iets om te eet," sê hy met 'n bewende stem, want die vreeslike Gees kyk neer op hom.

Daarop verdwyn die Gees van die Lamp in 'n digte rookwolk, maar 'n oomblik later kom hy weer terug. Hy dra 'n heerlike ontbyt, op borde en skottels van pure goud.

Aladdin se moeder het nou weer byge-

kom, maar sy was amper te verskrik om te eet, en sy smeek Aladdin om die lamp dadelik te verkoop, want sy voel seker dit het iets te doen met bose geeste. Maar Aladdin lag haar net uit, en hy sê hy gaan die towerlamp en die ring gebruik, noudat hy weet wat hulle werd is.

Toe hulle weer geld nodig kry, verkoop hulle die goue borde en skottels, en toe almal op was beveel Aladdin die Gees om nog te gaan haal, en so het hulle jarelank lekker gelewe.

Aladdin het baie gehoor van die Sultan se dogter wat so mooi was, en naderhand kon hy nie meer rus nie, so baie verlang hy om haar te sien. Hy het baie planne uitgedink, maar alles was onmoontlik, want die Prinses het nooit uitgegaan sonder 'n sluier nie. Van kop tot tone was sy daarin toegedraai. Eindelik kry hy 'n kans om in die paleis te kom en agter 'n deur weg te kruip, sodat hy deur 'n skrefie kon loer as die Prinses verbygaan na haar bad toe.

Op die oomblik dat Aladdin se oë op

die mooi Prinses rus, kry hy haar lief met sy hele hart, want sy was so skoon soos die dagbreek van 'n somerdag.

„Moeder," sê hy toe hy by die huis kom, „ek het die Prinses gesien, en ek het besluit om met haar te trou. U moet dadelik na die Sultan toe gaan, en hom smeek om sy dogter vir my te gee."

Aladdin se moeder kyk haar seun verbaas aan, en begin te lag oor so 'n verspotte idee. Sy was bang dat Aladdin dalk mal geword het, maar hy laat haar nie met rus nie tot sy doen wat hy verlang.

Die volgende dag stap sy baie onwillig na die paleis toe, met een van die betowerde vrugte in 'n servet, om dit aan die Sultan present te gee. Daar was baie ander mense wat daardie dag voor die Sultan wou kom, en die arme vrou was so bang dat sy dit nie waag om vorentoe te stap nie. Niemand het van haar notisie geneem terwyl sy daar staan en haar bondeltjie geduldig vashou nie. So het sy 'n hele week lank elke dag na die paleis toe gegaan voordat die Sultan haar raaksien.

„Wie is daardie arme vrou wat elke dag hier kom met 'n wit bondeltjie ?" vra hy.

Die Groot Visier gee nou die bevel dat sy na die Sultan toe moes gebring word, en sy kom en buig diep tot op die grond.

Sy was amper te bang om te praat, maar toe die Sultan so vriendelik met haar praat kry sy moed, en vertel hom van haar seun se liefde vir die Prinses, en van sy versoek.

„Hy stuur vir u hierdie geskenk," sê sy. Sy maak die bondel oop en bied hom die betowerde vrugte aan.

Al die mense wat daar staan roep uit van verwondering, want nooit tevore het hulle sulke pragtige juwele gesien nie. Hulle skyn en skitter met duisende ligte en kleure, en verblind die oë van die mense wat daarna kyk.

Die Sultan was verbaas, en hy praat suutjies met die Groot Visier. „Dit is tog seker reg dat ek my dogter gee aan die man wat sulke wonderlike presente kan aanbied ?" sê hy.

Maar die Groot Visier wou hê dat die

Prinses met sy eie seun moes trou, daarom raai hy die Sultan om niks haastig te doen nie, maar te wag tot drie maande later. Die Sultan het gedink dit is goeie raad, dus beveel hy Aladdin se moeder om drie maande later weer te kom, dan sou haar seun met die Prinses trou.

Aladdin was so gelukkig toe hy hoor wat die Sultan belowe het dat die dae vinnig verby gegly het. Maar twee maande later merk hy een aand dat die hele stad feesvier, en dat daar 'n groot gedoente by die paleis is. Toe hy die rede van al die vreugde vra, moes hy hoor dat die Prinses daardie selfde aand met die seun van die Groot Visier gaan trou.

Aladdin was baie kwaad, en sodra hy by sy huis kom vat hy die betowerde lamp en vryf dit so hard as hy kan. Dadelik verskyn die Gees van die Lamp, en vra wat hy verlang.

„Gaan na die paleis toe," sê Aladdin, „en bring vir my die Prinses en die seun van die Groot Visier."

Die woorde was skaars uit sy mond, of

die koninklike bed word deur die Gees ingedra, en voor Aladdin neergesit.

„Haal nou die Groot Visier se seun uit die bed uit en sluit hom êrens op tot môre," beveel Aladdin.

Die Prinses was baie bang, maar Aladdin sê vir haar sy hoef nie te vrees nie want hyself was haar regte bruidegom.

Vroeg die volgende môre bring die Gees van die Lamp die Visier se seun terug, soos Aladdin verlang het, en dra toe die bed terug na die paleis.

Maar toe die Sultan sy dogter kom môre sê, vind hy haar in trane, en die Visier se seun bêwend van angs.

„Wat het dan gebeur ?" vra die Sultan.

Maar die Prinses kon niks anders doen as huil nie.

Daardie nag het dieselfde ding weer gebeur, want die Gees van die Lamp het weer die koninklike bed gaan haal, en weer die seun van die Groot Visier in die koue uitgesluit.

Die volgende dag was die Sultan darem

regtig kwaad toe hy weer sy dogter in trane vind. En toe sy weier om een van sy vrae te beantwoord, was hy woedend.

„Hou op met huil," roep hy uit, „en praat dadelik, of ek laat jou kop afkap."

Toe vertel die Prinses al wat gebeur het, en die seun van die Visier, ongelukkig en bêwend van angs, smeek die Sultan om hom dadelik van die Prinses te laat skei, want hy sien nie kans om nog so 'n ellendige nag deur te bring nie.

So het daar 'n einde aan al die feesviering gekom, die huwelik was op 'n end en die Prinses was weer vry.

Nadat die drie maande om was, het Aladdin se moeder weer na die Sultan toe gegaan, en hom daaraan herinner dat hy belowe het dat haar seun met die Prinses sou trou.

„Ek hou altyd my woord," sê die Sultan ; „maar hy wat met my dogter trou moet eers vir my veertig goue skottels vol edelgesteente stuur. En daardie skottels moet deur veertig swart slawe gedra word, elkeen gelei deur 'n wit slaaf wat

aangetrek is soos die slawe van die Sultan behoort gekleed te gaan."

Aladdin se moeder was baie bekommerd toe sy dit hoor, en sy gaan huis-toe om dit vir haar seun te vertel.

„Ag, my seun, daar is geen hoop vir jou nie," roep sy uit. „Nee, moeder," antwoord Aladdin, „die Sultan sal nie nodig hê om lank te wag nie."

Hy vryf die betowerde lamp, en toe die Gees verskyn, beveel hy hom om veertig goue skottels vol juwele te gaan haal, en al die slawe wat die Sultan gevra het.

Toe daardie skitterende optog deur die strate gaan op pad na die paleis, kom al die mense uit om dit te sien, en hulle staan verstom om die goue skottels vol skitterende juwele te sien op die koppe van die groot swart slawe. Na hulle by die paleis gekom het, en die slawe die juwele aan die Sultan oorhandig het, was hy so verbaas en verheug dat hy dadelik gewillig was om Aladdin met die Prinses te laat trou.

„Gaan haal jou seun," sê hy vir Aladdin

se moeder, wat daar naby staan. „Vertel hom dat hy vandag nog met my dogter kan trou."

Maar toe Aladdin die nuus hoor wou hy nie dadelik na die paleis gaan, soos sy moeder hom raai nie. Eers roep hy die Gees van die Lamp, en beveel hom om 'n bad met laventel en warm water te bring, en 'n kleed met goud uitgeborduur, soos 'n koning dra. Daarna vra hy veertig slawe om met hom saam te stap, en ses om voor sy moeder te loop, en 'n perd nog mooier as die Sultan se perd, en eindelik, tienduisend goudstukke verdeel in tien beursies.

Na alles klaar was, en Aladdin gekleed was in sy koninklike kleed, gaan hy na die paleis. Terwyl hy so ry op sy pragtige perd, tussen sy veertig slawe, strooi hy die geldstukke uit die tien beurse tussen die mense in, en almal juig van vreugde. Niemand het geweet dat dit die lui seun was wat in die strate gespeel het nie. Hulle dink hy is 'n groot Prins uit 'n vreemde land.

So het Aladdin met groot prag en praal

by die paleis aangekom, en na die Sultan hom omhels het, beveel hy dat die bruilof dadelik moet plaasvind, en die huweliksfees moet klaargemaak word.

„Nee, U Majesteit," antwoord Aladdin. „Ek wil nie met u dogter trou voordat ek 'n paleis gebou het wat geskik is vir die dogter van die Sultan nie."

Aladdin gaan nou huis-toe, en weer roep hy die Slaaf van die Lamp op.

„Wat is dit, o meester ?" vra die Gees.

„Bou vir my die mooiste paleis wat die oog van 'n mens al ooit gesien het," beveel Aladdin. „Dit moet gebou word van marmer en jaspis en alle soorte edelgesteente. In die middel wil ek 'n groot saal hê, waarvan die mure van goud en silwer moet wees, verlig deur vier-en-twintig vensters. En daardie vensters moet ingelê wees met diamante, robyne, en ander juwele. Net een daarvan moet nie klaargemaak word nie. Daar moet ook stalle vol perde wees, en slawe om in die paleis te dien. Gaan nou, en doen jou werk gou."

En waarlik, toe Aladdin die volgende oggend uitkyk, staan daar die wonderlikste paleis wat ooit gebou is. Die marmermure het 'n rooskleur glans in die oggendlig, en die juwele skitter uit iedere venster.

Daarna vertrek Aladdin en sy moeder na die paleis van die Sultan, en die huwelik word dadelik voltrek. Toe die Prinses Aladdin sien, kry sy hom dadelik lief, en die vreugde in die hele stad was groot.

Die volgende dag nooi Aladdin die Sultan na die nuwe paleis, en toe hy die groot saal binnestap, waarvan die mure van goud en silwer was en die vensters ingelê met juwele, was hy vol bewondering en verbasing.

„Dit is die wonderstuk van die wêreld," roep hy uit. „Nog nooit het die oog van 'n mens so 'n pragtige paleis aanskou nie. Daar is net een ding wat my verwonder. Hoekom is daar een venster wat nie klaar is nie ?"

„U Majesteit," antwoord Aladdin, „dit is met opset gedoen, want ek wil hê dat

Hy gryp die Towerlamp met albei hande (bl. 42)

U eie koninklike hand die eer sal hê om die laaste werkie aan die gebou te verrig."

Die Sultan was so bly toe hy dit hoor, dat hy dadelik die hofjuweliers laat haal en hulle beveel om die venster klaar te maak netsoos die ander.

Die hofjuweliers het baie dae gewerk, en toe laat hulle die Sultan weet dat hulle al die juwele in hulle besit gebruik het, en nog was die venster nie half klaar nie. Die Sultan beveel, dat sy eie juwele moet gebruik word om die werk klaar te maak ; maar selfs toe hulle daar ingesit is, bly die werk nog onklaar.

Aladdin beveel die juweliers nou om die werk te staak, en die Sultan se juwele sowel as hulle eie alles terug te neem. En daardie nag het hy weer die Slaaf van die Lamp opgeroep, en hom beveel om die venster klaar te maak. Dit het voor die volgende oggend gebeur, en groot was die verbasing van die Sultan en al sy werksmense.

Aladdin het nie trots geword op sy groot rykdom nie, maar hy was sag en

hoflik teenoor almal, en vriendelik teenoor die armes, sodat al die mense hom baie liefgehad het. Hy het baie gevegte vir die Sultan geveg en gewen, en hy was die grootste gunsteling in die land.

Maar daar ver in Afrika het daar moeilikheid vir Aladdin gewag. Die nare ou towernaar wat voorgegee het dat hy Aladdin se oom was, het deur sy towerkuns uitgevind dat die seun nie onder die grond dood is, toe hy hom daar opgesluit het nie, maar dat hy op een of ander manier dit reggekry het om te ontsnap en ryk en magtig te word.

„Hy het seker die geheim van die lamp uitgevind," skree die towernaar, en hy trek sy hare uit van woede. „Ek sal nie dag of nag rus totdat ek dit van hom afgeneem het nie."

Hy reis toe van Afrika na Sjina, en as hy by die stad kom waar Aladdin woon, en die wonderlike paleis sien, het hy amper gestik van woede. Hy vermom hom soos 'n koopman, en hy koop 'n klomp koperlampe, en daarmee gaan hy van

straat tot straat en roep : ,,Nuwe lampe vir oues.''

Die mense hoor hom roep, en hardloop almal na hom toe, en hulle spot en lag, want hulle dink dat hy moet mal wees om so 'n aanbod te maak.

Aladdin was uit op jag, en die Prinses sit alleen in die saal met die versierde vensters. Toe sy die geraas daar buite in die straat hoor, roep sy haar slawe en vra wat dit beteken.

Een van die slawe kom terug en lag so baie dat sy skaars kon praat.

,,Daar is 'n snaakse ou man wat nuwe lampe vir oues wil omruil. Het 'n mens nou al ooit van so 'n snaakse smousery gehoor ?'' vra sy.

Die Prinses lag ook en wys na 'n ou lamp wat in 'n muurkassie hang.

,,Daardie lamp is seker oud genoeg,'' sê sy. ,,Neem dit en kyk of die ou man regtig vir jou 'n nuwe een daarvoor sal gee.''

Die slavin haal dit uit die muurkassie en loop daarmee na die straat, en toe die

towernaar sien dat dit regtig die een was wat hy wil hê, gryp hy dit met albei hande.

„Kies enige lamp uit wat jy wil hê," sê hy, en hy wys vir haar lampe van blink nuwe koper gemaak. Nou gee hy nie om wat gebeur nie. Sy kan maar al die lampe vat as sy wil.

Hy stap 'n endjie uit die stad uit, en toe hy alleen was neem hy die towerlamp en vryf dit saggies. Dadelik staan die Gees van die Lamp voor hom en vra wat hy wil hê.

„Ek beveel jou om die paleis van Aladdin met die Prinses daarin op te tel, en dit op 'n eensame plek in Afrika neer te sit," sê hy.

En op die oomblik verdwyn die paleis met almal daarin, en toe die Sultan deur sy venster kyk, was daar geen paleis meer te sien nie.

„Dit moet toordery wees," roep hy uit.

Hy gee die bevel aan sy soldate om Aladdin te soek en hom vas te bind en dan na die paleis toe te bring.

Die soldate ontmoet Aladdin net toe hy van die jag af terugkom, en hulle gryp hom dadelik, bind hom met kettings vas, en bring hom voor die Sultan. Maar toe hy weggedra word, storm die mense na hom toe, want hulle het hom baie liefgehad, en hulle sweer dat niemand hom sou kwaad aandoen nie.

Die Sultan was woedend toe hy Aladdin sien, en hy gee bevele dat sy kop dadelik moet afgekap word. Maar die mense staan die hele paleis vol, en hulle lyk so wreed en dreigend dat hy dit nie waag om te doen wat hy wil nie. Hy was verplig om die kettings te laat afhaal en Aladdin vry te laat.

Sodra Aladdin toegelaat word om te praat, vra hy waarom dit alles met hom gebeur het.

„Jou ellendeling!" roep die Sultan uit, „kom hier en ek sal jou wys."

Hy lei Aladdin na die venster en wys vir hom die leë plek waar sy paleis eers gestaan het.

„Moenie dink dat ek omgee vir jou

paleis nie, maar waar is my dogter ?" vra hy.

Aladdin was so verbaas dat hy 'n hele ruk stil staan in stomme verbasing en kyk na die plek waar sy paleis moes gewees het.

Eindelik draai hy na die Sultan toe.

„U Majesteit," sê hy, „gee my 'n maand uitstel, en as ek teen daardie tyd nog nie u dogter terug gebring het nie, kan u my doodmaak soos ek verdien."

Daarop word Aladdin losgelaat, en drie dae lank het hy soos 'n mal mens rondgedwaal, en almal gevra waar sy paleis was. Maar niemand kon hom dit vertel nie, en almal lag oor sy ellende. Toe gaan hy na die rivier om hom te verdrink, maar terwyl hy op die wal kniel en sy hande vou om te bid voordat hy in die rivier spring, raak hy aan die Towerring. En op die oomblik staan die Gees van die Ring voor hom.

„Wat is u wil, o meester ?" vra die Gees.

„Bring terug my paleis en my Prinses," roep Aladdin uit, „en red my lewe."

„Dit kan ek nie doen nie," sê die Slaaf van die Ring. „Net die Slaaf van die Lamp het die mag om jou paleis terug te bring."

„Neem dan vir my na die plek toe waar my paleis nou staan," vra Aladdin, „en sit my neer onder die venster van die Prinses."

Nog amper voordat Aladdin klaar gepraat het, staan hy in Afrika, onder die vensters van sy eie paleis.

Hy was so moeg dat hy gaan lê en vas aan die slaap raak ; maar toe die dag breek, en hy wakker word deur die gesang van die voëltjies, kyk hy rond en hy skep weer moed. Hy voel nou seker dat al sy ellende gekom het deur die verlies van die Betowerde Lamp, en hy besluit om uit te vind wie dit gesteel het.

Toe die Prinses daardie môre wakker word, voel sy meer gelukkig as ooit na die dag waarop sy weggevoer was. Die son het so helder geskyn, en die voëls sing so vrolik, dat sy na die venster toe gaan om die nuwe dag te begroet. En wie sien sy

daar onder haar venster staan ? Niemand anders as Aladdin nie !

Met 'n uitroep van vreugde gooi sy die venster oop, en die geluid laat Aladdin opkyk. Baie gou het hy 'n geheime deur in die muur gevind en in haar kamer gekom, waar hy haar in sy arms neem.

„Vertel my, Prinses," sê Aladdin, toe hulle mekaar omhels het, „wat het van die ou lamp geword wat altyd in 'n muurkassie teen die muur van die groot saal gehang het ?"

„Ag, my man," antwoord die Prinses, „ek vrees my onverskilligheid is die oorsaak van al ons ellende."

Toe vertel sy hom hoe die ou towernaar gemaak het asof hy 'n koopman was, en nuwe lampe vir oues aangebied het, en dat hy op daardie manier die Betowerde Lamp in die hande gekry het.

„Hy het dit nog," voeg sy daarby, „want ek weet dat hy dit altyd by hom dra, onder sy klere weggesteek."

„Prinses," sê Aladdin, „ek moet daardie lamp in die hande kry, en jy moet my

help. Vanaand, wanneer die towernaar kom om by jou te eet, moet jy jou kosbaarste klere aantrek, en goed en vriendelik teenoor hom wees. Stuur hom dan om van die lekker Afrikaanse wyn te haal, en as hy weg is, sal ek jou vertel wat jy moet maak."

Daardie aand het die Prinses haar mooiste rok aangetrek, en sy was so mooi en so vriendelik toe die towernaar binnekom, dat hy sy oë nie kon glo nie. Want sy was altyd verdrietig en kwaad gewees nadat hy haar na Afrika toe gebring het.

„Ek glo nou dat Aladdin dood is," sê sy, „en ek gaan nie meer treur nie. Laat ons die fees begin. Maar kyk hier, ek word al moeg van hierdie wyn uit Sjina, gaan haal vir my liewers van die wyn uit jou eie land."

Ondertussen het Aladdin 'n poeier gemeng wat hy nou aan die Prinses gee om in haar eie kelkie te gooi. Toe die towernaar met die Afrikaanse wyn terugkom, maak sy haar kelkie vol en gee dit vir hom

as teken van vriendskap. Die towernaar drink dit gretig uit, maar skaars het hy dit in, of hy val dood neer.

Toe kom Aladdin uit die kamer net langsaan waar hy weggekruip het, en hy soek in die towernaar se klere totdat hy die Betowerde Lamp kry. Vol blydskap vryf hy daaraan, en toe die Gees verskyn, beveel hy dat die paleis moet teruggaan na Sjina, en op sy plek neergesit word.

Die volgende oggend, toe die Sultan vroeg opstaan, omdat hy te bedroef was om lank te rus, gaan hy na die venster om te kyk na die plek waar Aladdin se paleis altyd gestaan het, en hy vryf sy oë, en kyk verwilderd rond.

„Ek droom seker nog," roep hy uit, „want daar staan die paleis in al sy skoonheid, en dit lyk mooier as ooit in die môrelig."

Nie 'n oomblik het die Sultan gewag nie, maar hy ry dadelik na die paleis toe, waar Aladdin en die Prinses hom begroet en vir hom die hele storie van die Afrikaanse towernaar vertel. Aladdin wys vir hom

die lyk van die slegte ou man, en toe was daar weer vrede tussen hulle.

Maar daar sou nog moeilikheid vir Aladdin kom. Die Afrikaanse towernaar het 'n broer gehad wat ook kon toor, en wat nog goddeloser was as sy ouer broer.

Vol gedagtes aan wraak, vertrek hierdie jonger broer na Sjina, vasbeslote om Aladdin te straf en die Betowerde Lamp te steel. Toe hy daar aankom, gaan hy stilletjies na 'n heilige Vrou met die naam van Fatima, en dwing haar om hom haar sluier en kleed te gee. Toe maak hy haar dood, sodat sy geheim nooit kon uitkom nie.

Aangetrek in Fatima se kleed en sluier, stap die slegte towernaar deur die strate naby die paleis van Aladdin, en al die mense kniel voor hom en soen sy kleed, want hulle dink dit is die heilige vrou.

Toe die Prinses hoor dat Fatima in die straat verbygaan, stuur sy 'n bediende om te sê dat sy na haar paleis toe moet kom, en sy ontvang die heilige vrou (soos sy

dan dink), met groot respek en vriendelikheid want sy het altyd verlang om haar te sien.

„Is dit nie 'n mooi saal nie ?" vra die Prinses, toe hulle bymekaar sit in die saal met die versierde vensters.

„Ja, dit is werklik baie mooi," antwoord die towernaar, en hy trek sy sluier goed af, „maar volgens my mening ontbreek daar net een ding. As daar net 'n eier van die rok, die reuse-voël, in die koepel kon hang, sou die saal volmaak wees."

Toe die Prinses dit hoor, word sy dadelik ontevrede en verdrietig, en toe Aladdin binnekom, lyk sy so verdrietig dat hy dadelik vra wat haar makeer.

„Ek sal nooit gelukkig wees voordat daar 'n rokeier in die koepel van die groot saal hang nie," antwoord sy.

„In daardie geval sal jy gou gelukkig wees," antwoord Aladdin vrolik, en hy vat die lamp en roep die Slaaf van die Lamp op.

Maar toe die Slaaf van die Lamp die bevel hoor word hy so woedend dat sy

gesig vreeslik lyk, en sy oë skitter soos brandende kole.

„Jou gemene ellendeling!" skreeu hy, „ek het jou nog al jou wense toegelaat, en nou vra jy my boonop om my meester dood te maak en hom vir 'n versiering in jou paleis op te hang. Jy verdien dit om te sterf ; maar ek weet dat die versoek nie uit jou eie hart kom nie, maar dit is die plan van die goddelose towernaar wat voorgee dat hy 'n heilige vrou is."

Met hierdie woorde verdwyn die Gees, en Aladdin gaan dadelik na die kamer toe waar die Prinses vir hom wag.

„Ek het hoofpyn," sê hy. „Roep die heilige vrou, dat sy haar hand op my voorkop kom sit om die pyn te versag."

Maar toe die valse Fatima verskyn, spring Aladdin dadelik op en steek sy dolk in daardie bose hart.

„Wat het jy gedoen ?" vra die Prinses. „Helaas! Jy het die heilige vrou dood gemaak."

„Dit is nie die heilige vrou nie," antwoord Aladdin, „maar 'n bose towernaar

wat gemeen het om ons albei dood te maak."

En so is Aladdin gered uit die kloue van albei towernaars, en daar was nou niemand om sy vrede te verstoor nie. Hy en sy Prinses het baie jare saamgeleef en die grootste geluk gesmaak, en na die dood van die Sultan het hulle op die troon gekom en verstandig en goed die land geregeer. En so was daar vrede in die hele land.

DIE BETOWERDE PERD

Dit was Nuwejaarsdag in Persië, die skitterendste feesdag van die hele jaar, en uur na uur het die Koning die wonderlike vertonings geniet wat sy volk vir hom berei het. Dit was al teen die aand, en die Koning met sy hof wou net vertrek, toe daar 'n Indiaan verskyn met 'n perd wat hy vir die Koning wou wys. Dit was nie 'n regte perd nie, maar dit was so wonderlik gemaak dat dit kompleet soos 'n lewendige perd lyk.

„U Majesteit," sê die Indiaan, en hy buig tot op die grond, „ek smeek U om na hierdie wonderwerk te kyk. Niks wat U vandag gesien het kom naby my perd nie. Ek hoef maar net op sy rug te spring en te wens dat ek in enige deel van die wêreld is, en die perd bring my daar binne enkele oomblikke."

Die Koning van Persië het baie van oulike en snaakse goed gehou, daarom

bekyk hy die perd met baie belangstelling.

„Dit lyk vir my maar sommer 'n gewone perd," sê hy, „maar jy kan vir ons wys wat hy kan doen."

Hy wys met sy vinger na 'n berg daar ver, en vra die Indiaan om 'n tak te gaan haal van die palmbome wat aan die voet van die berg groei.

Die Indiaan spring in die saal, draai aan 'n houtpennetjie in die perd se nek, en 'n oomblik later vlieg hy so vinnig deur die lug dat hy gou uit die gesig verdwyn. Binne 'n kwartier daag hy weer op en sit die palmtak aan die voete van die Koning neer.

„Jy is reg," sê die Koning. „Jou betowerde perd is die wonderlikste ding wat ek nog ooit gesien het. Wat kos hy ? Ek moet daardie perd hê vir my ryperd."

Die Indiaan skud sy kop.

„U Majesteit," sê hy, „hierdie perd kan nooit vir geld verkoop word nie, dit kan net omgeruil word vir iets wat dieselfde waarde het. Dit sal U Majesteit se eien-

Die Betowerde Perd afdaal deur die sterligte nag (bl. 57)

dom word, maar net op voorwaarde dat U my die Prinses, U dogter, tot vrou sal gee."

Maar toe hy hierdie woorde hoor, spring die seun van die Koning op.

„U Majesteit," roep hy uit, „U sal tog nooit daaraan droom om so 'n versoek toe te staan nie."

„My seun," antwoord die Koning, „al kos dit ook wat, ek moet daardie wonderlike perd besit. Maar voordat ek die ruil maak, wil ek hê dat jy die perd moet probeer, en my vertel wat jy van hom dink."

Die Indiaan wat staan en luister, was gewillig dat die Prins die perd sou probeer, en hy begin hom te vertel hoe om die perd te stuur. Maar toe die Prins in die saal sit en die pennetjie sien wat die perd aan die loop moes maak, wag hy nie om iets meer te hoor nie. Hy draai dadelik aan die pen, en daar vlieg hy deur die lug.

„Helaas!" roep die Indiaan uit, „daar trek hy nou, en hy weet nie hoe om terug te kom nie. Nooit sal hy die perd

kan laat terugkom nie, as hy nie die tweede pen raaksien nie."

Die Koning het vreeslik geskrik toe hy die woorde van die Indiaan hoor, want nou het die Prins heeltemal uit die gesig verdwyn.

„Jou vabond," sê hy vir die Indiaan, „jy sal in die tronk gegooi word, en as my seun nie veilig terugkeer nie, sal jy doodgemaak word."

Die Prins het ewe vrolik deur die lug geseil, totdat hy by die wolke kom, en die aarde nie meer kon sien nie. Dit was baie aangenaam, en hy dink dat hy nog nooit so 'n lekker rit in sy lewe gehad het nie. Maar naderhand dink hy dat dit darem tyd word om aarde-toe te daal. Hy draai die pennetjie agtertoe en vorentoe, maar dit maak geen onderskeid nie. In plaas van te daal, styg hy hoër en hoër, totdat hy dink hy gaan nou sy kop teen die blou lug stamp.

Wat nou gedoen? Die Prins voel 'n bietjie senuweeagtig, en hy voel rond aan die perd se nek of daar nie 'n ander pen-

netjie sit nie. Tot sy vreugde raak hy aan 'n ander skroefie, net agter die oor, en toe hy daaraan draai, merk hy dat hy al hoe stadiger gaan en langsaam omdraai. Hy lag hardop van blydskap toe die Betowerde Perd afdaal deur die sterligte nag, en hy voor hom 'n mooi stad sien lê, wat wit glinster deur die pers mantel van die nag.

Alles was vir hom vreemd, en hy laat dus maar die perd gaan waarheen dit wil, en naderhand bly dit staan op die dak van 'n groot marmer-paleis. Daar het 'n gang rondom die dak geloop, en aan die end van die gang was 'n deur wat na 'n marmertrap toe lei.

Die Prins gaan dadelik die trap af, en kom in 'n groot saal waar 'n ry swart slawe vas aan die slaap lê. Hulle was die wagte by die deur van 'n kamer daar langsaan.

Baie versigtig kruip die Prins by die wagte verby, hy trek die gordyn voor die deur weg, en loer in.

Daar sien hy 'n pragtige kamer verlig

deur duisende liggies, en vol slapende slawe, en in die middel, op 'n sofa, die mooiste Prinses wat sy oë al ooit gesien het.

So lieflik was sy dat die Prins sy asem ophou van bewondering toe hy haar aanskou. Hy loop saggies na haar toe, kniel by die sofa en raak aan haar hand. Die Prinses sug en maak haar oë oop, maar nog voordat sy 'n geluid kon maak, smeek hy haar saggies om stil te bly en nie bang te wees nie.

„Ek is 'n Prins," sê hy, „die seun van die Koning van Persië. My lewe is hier in gevaar, en ek smeek u om my te beskerm."

Hierdie Prinses was niemand anders nie as die dogter van die Koning van Bengale, en sy was alleen in haar somerpaleis net buitekant die stad.

„Ek sal jou beskerm," sê die Prinses vriendelik, en sy gee hom haar hand. Toe maak sy haar slawe wakker en beveel hulle om vir die vreemdeling voedsel te gee en vir hom 'n slaapkamer reg te maak.

„Ek is nuuskierig om jou awonture te

hoor en hoe jy hier gekom het," sê sy vir die Prins, „maar eers moet jy rus en verversings gebruik."

Nooit tevore het die Prinses iemand so aansienlik en fier soos hierdie vreemde jong Prins gesien nie. Sy trek haar mooiste klere aan, en vleg haar kosbaarste juwele in haar hare, om lieflik in sy oë te lyk. En toe die Prins haar weer sien, lyk sy vir hom die bekoorlikste meisie op die hele wêreld, en hy kry haar dadelik lief. Nadat hy haar al sy awonture vertel het, sug sy om te dink dat hy nou moes teruggaan na sy vader se hof toe en haar verlaat.

„Moenie treur nie," antwoord hy, „ek sal soos 'n Prins terugkom, en jou vader, die Koning, om jou hand vra."

„Bly tog nog 'n paar dae by my," smeek die Prinses. „Ek kan nie so gou van jou afskeid neem nie."

Die Prins was maar te gewillig om langer te bly, en die Prinses het so baie feeste en jagpartye gegee dat dag na dag verbygegaan het, en nog bly hy daar.

Maar eindelik dink hy aan sy vader se

droefheid, en hy besluit om dadelik huistoe te gaan.

„My Prinses," sê hy, „dit is tog te swaar om te skei, wil jy nie met my saamry op die betowerde perd nie ? As ons eers in Persië is, sal ons huwelik plaasvind, en dan kom ons terug na jou vader toe."

So klim hulle toe albei op die Betowerde Perd, en die Prins sit sy arm om die Prinses en draai die toorpennetjie om. Hoër en hoër gaan hulle oor land en see, en toe draai die Prins die ander pennetjie, en hulle land net buitekant sy vader se stad. Hy stuur die perd na 'n paleis wat by die poort staan, en daar laat hy die Prinses bly, want hy wou alleen gaan om sy vader voor te berei.

Toe die Prins by die hof aankom, vind hy almal in bruin gekleed, en al die klokke lui stadig en treurig.

„Hoekom is almal so treurig ?" vra hy vir een van die wagte. „Die Prins, die Prins !" roep die man uit. „Die Prins is terug !"

En gou was die blye nuus oor die hele

stad versprei, en die klokke hou op met lui, en begin toe skielik vrolike deuntjies te speel.

„My geliefde seun!" roep die Koning uit, toe hy hom omhels. „Ons het gedink jy is vir altyd verlore, en ons het dag en nag oor jou getreur."

Sonder om langer te wag, het die Prins begin vertel van sy awonture, en dat die Prinses in die paleis buitekant die poort vir hom wag.

„Laat haar dadelik hiernatoe gebring word," roep die Koning uit, „en die huwelik sal vandag nog plaasvind."

Hy gee bevel dat die Indiaan dadelik moet losgelaat word en verlof kry om te vertrek met sy Betowerde Perd.

Groot was die verbasing van die Indiaan toe hy hoor dat hy vry mag vertrek, want hy het verwag dat sy kop sou afgekap word. Hy vra uit na die awonture wat die Prins gehad het, en toe hy hoor van die Prinses wat in die paleis voor die poort vir hom wag, kom daar 'n skelm plan in sy kop.

Hy vat sy betowerde perd en gaan dadelik na die paleis toe voordat die Koning se boodskappers dit kon bereik.

„Sê vir die Prinses," beveel hy die slawe, „dat die Prins van Persië my gestuur het om haar na sy vader se paleis toe te bring op die Betowerde Perd."

Die Prinses was baie bly toe sy hierdie boodskap kry, en sy maak gou klaar om met die boodskapper saam te gaan.

Maar helaas ! toe die Indiaan die skroefie draai en die perd deur die lug vlieg, vind sy dat sy weggevoer word, ver weg van Persië en haar geliefde Prins af.

Sy smeek en bid, maar dit help alles niks. Die Indiaan spot net met haar, en vertel haar dat hy self met haar gaan trou.

Ondertussen het die Prins en sy volgelinge by die paleis voor die poort aangekom, net om te vind dat die Indiaan voor hulle daar gewees het, en die Prinses weggevoer het.

Die Prins was byna mal van verdriet, maar hy gee nie moed op nie Hy vermom hom soos 'n monnik wat bedel, en sweer

dat hy die wêreld sou deurgaan en haar soek totdat hy haar kry, al moes dit ook sy dood kos.

Die Betowerde Perd was toe al baie honderde myle daarvandaan. Maar naderhand kry die Indiaan honger, en hy laat die perd afsak in 'n bos naby 'n stad in Kasjmier.

Hier gaan die Indiaan kos soek, en toe hy terugkom met vrugte, gee hy vir die Prinses daarvan om te eet, want sy was moeg en honger.

Nadat sy geëet het, voel sy weer sterker en vol moed, en toe sy die geklap van perde se pote hoor, roep sy hardop om hulp.

Die mans te perd kom dadelik na haar toe, en sy vertel hulle wie sy was en dat die Indiaan haar teen haar sin weggevoer het. Toe beveel die leier van die bende ruiters sy manne om die Indiaan se kop af te kap. Hy sit die Prinses op sy perd en lei haar na sy paleis toe.

Nou dink die Prinses dat al haar moeilikhede verby is, maar sy het 'n groot fout gemaak. Want net toe die Sultan haar sien, besluit hy om haar sy vrou te maak,

en hy beveel dat die huweliksfees dadelik moet klaargemaak word.

Dit was tevergeefs dat die Prinses smeek om terug gestuur te word na Persië toe. Die Sultan glimlag maar net en stel die troudag vas. Toe sy sien dat niks hom die plan sou laat opgee nie, dink sy aan 'n plan om haarself te red. Sy begin allerhande onsin te praat en hou haar mal, en so goed het sy dit gedoen dat die huwelik uitgestel is, en al die dokters ingeroep is om te sien of hulle haar kon gesond maak.

Maar netsoos daar 'n dokter naby die Prinses kom word sy so wild en woes dat hy nie eens haar pols kon voel nie, en so het nie een van hulle uitgevind dat sy haar mal hou nie.

Die Sultan was baie bekommerd, en hy laat al die slimste dokters haal uit sy land sowel as uit ander lande. Maar dit lyk of niemand in staat sou wees om die Prinses van haar dolheid te genees nie.

En al die tyd het die Prins van Persië rond gedwaal om na sy Prinses te soek, totdat hy eindelik in een van die groot

stede van Indië uitkom. Daar hoor hy almal praat van die nare siekte van die Prinses van Bengale, die bruid van die Sultan. Die Prins vermom hom dadelik soos 'n dokter, en gaan na die paleis toe, waar hy vertel dat hy die Prinses kan gesond maak.

Die Sultan ontvang die nuwe dokter met vreugde, en neem hom dadelik na die kamer toe waar die Prinses alleen sit. Sy huil en vryf haar hande inmekaar.

„U Majesteit," sê die vermomde Prins, „niemand mag met my saam die kamer ingaan nie, anders sal die Prinses nie gesond word nie."

Die Sultan verlaat hom, en die Prins stap tot digby die Prinses, en raak saggies aan haar hand.

„My geliefde Prinses," sê hy, „ken jy my dan nie?" Toe die Prinses daardie geliefde stem hoor, vlieg sy in sy arms, en sy was so bly dat sy nie kon praat nie.

„Ons moet dadelik 'n plan maak om te ontsnap," sê die Prins. „Weet jy nie wat van die Betowerde Perd geword het nie?"

„Ek kan jou niks daarvan vertel nie, liewe Prins," antwoord die Prinses, „maar die Sultan weet hoe kosbaar die perd is, en dus het hy dit seker op 'n veilige plek bewaar."

„Ons moet eers die Sultan vertel dat jy amper gesond is," sê die Prins. „Trek jou mooiste klere aan en gaan vanaand met hom saam eet, en ek sal die res doen."

Die Sultan was in sy skik om die Prinses soveel beter te vind, veral toe die dokter belowe om haar die volgende dag heeltemal gesond te maak.

„Ek vind dat die Prinses op een of ander manier deur die perd betower is," sê die nuwe dokter. „As u die perd na die groot plein toe laat bring, en die Prinses op sy rug sit, sal ek toorpoeiers berei wat so'n lekker geur sal versprei dat dit die betowering van die perd sal breek. Laat al die mense bymekaar kom om die gesig te sien, en laat die Prinses haar mooiste klere aantrek, en al haar juwele aansit."

Die volgende oggend word die Betowerde Perd dus na die plein toe gebring, en

die Prinses word op sy rug getel. Toe neem die vermomde Prins vier konfore vol brandende kole en sit hulle rondom die perd, en daarop giet hy 'n sterk reukwater wat 'n heerlike geur versprei. Die rook van die reukwater rys in dik wolke op, sodat die Prinses byna onsigbaar word, en op daardie oomblik spring die Prins agter haar in die saal, draai die toorpennetjie, en daar seil hulle weg, die blou lug in.

Maar toe hy by die Sultan verbytrek, roep hy hardop uit : „Sultan van Kasjmier, die volgende keer as jy met 'n Prinses wil trou, moet jy eers vra of sy gewillig is om jou vrou te word."

Op daardie manier het die Prins van Persië vir die tweede maal die Prinses van Bengale weggevoer. Die Betowerde Perd het nooit stilgestaan nie totdat hulle Persië bereik het, en daar is hulle getroud, en die volk het lank fees gevier.

Maar wat het van die Betowerde Perd geword ? Ag nee, dit is 'n vraag wat geen mens kan beantwoord nie.

SINDBAD DIE SEEMAN

Daar ver in Persië, in die stad Bagdad, het eenmaal 'n arm man met die naam van Hindbad gewoon. Hy was 'n kruier, en een middag, toe hy weer 'n swaar pak moes dra, gaan hy staan en rus in 'n stil straat naby 'n pragtige huis wat hy nooit tevore gesien het nie. Die sypaadjie voor die huis was natgespuit met rooswater, wat sy warm, vermoeide voete lekker koel laat voel, en deur die oop vensters kom heerlike geure wat die hele lug vul.

Hindbad wonder wie in daardie mooi huis woon, en naderhand stap hy na een van die bediendes wat fraai gekleed was en in die deur staan, en hy vra hom wie se huis dit dan is. Die bediende staar hom in verbasing aan.

„Woon jy regtig in Bagdad en ken jy nie my meester se naam nie ?" vra hy. „Hy is die groot Sindbad die Seeman, die man wat om die hele wêreld gevaar het,

en wat die wonderlikste awonture onder die son belewe het."

Hindbad het al dikwels van daardie wonderlike man gehoor, en van sy groot rykdom, en noudat hy na die pragtige paleis kyk en die mooigeklede bediendes sien, laat dit hom bedroef en afgunstig voel. Toe hy met 'n sug omdraai om sy pak weer op te neem, kyk hy op in die blou lug en sê hardop :

„Wat 'n onderskeid is daar tussen daardie man se lot en myne. Hy het al wat hy begeer, en niks anders te doen nie as om geld uit te gee en die lewe te geniet, terwyl ek hard moet werk om genoeg droë brood te verdien om myself en my kinders aan die lewe te hou. Wat het hy gedoen dat hy so gelukkig is, en wat het ek gedoen om so ongelukkig te wees ?"

Op daardie oomblik raak een van die bediendes hom aan die skouer, en sê : „My meester wil met jou praat, en het my gestuur om jou by hom te bring."

Eers was die arme kruier bang, want hy vrees dat iemand miskien gehoor het wat

hy gesê het, maar die bediende neem hom aan die arm en lei hom na die groot eetkamer toe. Daar sien hy 'n menigte gaste om die tafel sit, waarop 'n heerlike maal gesprei was, en aan die hoof van die tafel sit 'n ernstige, statige ou man met 'n lang wit baard. Dit was Sindbad die Seeman. Hy glimlag vriendelik teen arme bewende Hindbad, en gee hom 'n teken dat hy aan sy regterhand moes kom sit. Daar word nou al die heerlikste soorte voedsel voor Hindbad gesit deur die bediendes, en sy glas word gevul met die keurigste wyn, sodat hy voel dit is maar seker 'n droom.

Maar toe die fees oor was draai Sindbad na hom toe en vra wat hy net onder die venster gesê het voordat hy ingekom het.

Hindbad skaam hom nou vreeslik, en laat sy kop sak terwyl hy antwoord: „Meneer, ek was moeg en uit my humeur toe ek daardie dwase woorde gesê het. Ek hoop dat u my dit sal vergewe."

„O" antwoord Sindbad, „ek blameer jou nie. Ek is maar net jammer vir jou.

Hy dra 'n baie swaar pak (bl. 68)

Maar as jy dink dat ek altyd 'n lekker lewe gehad het, is jy verkeerd, en hierdie rykdom het ek ook nie sonder moeite en verdriet gekry nie. Ek het dit deur jarelange arbeid en gevaar gekry."

Hy draai na sy ander gaste toe en sê: „Ja, my vriende, die verhaal van my awonture is genoeg om elkeen van julle te waarsku om nooit na rykdom te gaan soek nie. Ek het nog nooit vir julle die storie van my sewe seereise vertel nie, maar as julle wil luister, sal ek nog vanaand daarmee begin."

Die bediendes word toe beveel om die kruier se pak weg te bring waar dit moes wees, sodat hy die hele nag in Sindbad se paleis kon vertoef en luister na die storie van die eerste seereis.

DIE EERSTE SEEREIS

„Toe ek nog 'n jong man was, het my vader my 'n groot som geld nagelaat, maar ek het dit so gou en so dwaas verspil dat

ek gou gesien het dat dit sou opraak. Dit het my laat nadink, want ek kon die gedagte nie verdra dat ek 'n arm man sou wees nie. Ek tel toe al die geld op wat oorbly, en besluit om daarmee handel te dryf. Ek sluit aan by 'n geselskap wat koop en verkoop, en ons vertrek in 'n goeie skip, met die plan om van een plek na die ander te gaan, en ons goed in elke stad waar ons aankom te verruil of te verkoop. En so het my eerste seereis begin.

„Die eerste paar dae kon ek aan niks anders dink nie as aan die golwe wat so op en af wieg ; maar langsamerhand het ek beter gevoel, en daarna was ek nooit weer ongelukkig op die see nie.

„Een agtermiddag gaan die wind skielik lê en ons kon nie verder nie, want daar was geen wind in ons seile nie. Ons was naby 'n klein groen eilandjie, wat netsoos 'n weiveld lyk, en net bokant die water uitsteek. Die kaptein gee ons verlof om te land, en baie gou was ons almal op die groen weiveld. Ons loop eers 'n rukkie

rond en gaan toe sit om te rus, en party van ons begin hout bymekaar sit en 'n vuur maak om ons aandete klaar te maak.

„Maar nog voordat die vuur aan die brand was, hoor ons 'n harde geskreeu van die skip af, wat ons waarsku om dadelik terug te kom, want dit was nie 'n eiland waar ons op sit nie, maar die rug van 'n slapende walvis. My maats storm almal die skuite, maar voordat ek hulle kon volg, duik die groot monster weg en verdwyn, sodat ek agterbly en rond spartel in die water.

„Ek klou vas aan 'n stuk hout wat ons van die skip af gebring het om vuur te maak, en ek hoop toe maar net dat my maats my gou sou kom red. Maar helaas, daar was so 'n verwarring aan boord dat niemand my gemis het nie, en toe die wind opkom laat die kaptein die skip vertrek, en ek bly alleen agter op genade van die golwe.

„Daardie hele nag het ek gedryf, en toe dit dag word was ek so swak en vermoeid dat ek dink ek moet nou sterwe.

Maar op daardie oomblik lig 'n groot golf my op en gooi my teen die steil kant van 'n eiland, en tot my vreugde kry ek dit reg om teen die steil rotse uit te klouter en op die groen gras uit te rus.

„Ek het gou beter gevoel, en ek kyk rond na iets om te eet, want ek was baie honger. Ek kom op 'n paar plante af wat goed smaak, en 'n fontein helder water, en na 'n goeie maaltyd stap ek op die eiland rond om te sien wat ek nog kon raakloop.

„Na 'n rukkie kom ek by 'n groot weiveld waar 'n perd vasgemaak staan, en ek staan nog so daarna en kyk toe ek mansstemme hoor wat klink asof dit onder die aarde uit kom. Toe kom daar 'n man uit 'n onderaardse grot, en hy vra my wie ek is en waar ek vandaan kom. Hy bring my na die grot waar sy maats was, en hulle vertel my dat hulle die staljongens was van die koning van die eiland, en sy perde gebring het om daar te wei. Hulle het my 'n goeie maal gegee, en my vertel dat ek net op die regte tyd gekom het, want

die volgende dag moes hulle teruggaan na hulle meester, en hulle sou my die pad wys, wat ek nooit alleen sou regkry nie.

„So het ons toe die volgende môre vertrek, en in die stad het die koning my baie vriendelik ontvang. Hy het na die storie van my awonture geluister, en aan sy bediendes bevel gegee dat ek alles moes kry wat ek nodig het.

„As koopman het ek groot belang gestel in die skepe, en dikwels gaan kyk as daar skepe kom om af te laai. Toe ek eendag weer so staan en kyk na 'n vrag wat afgelaai word, sien ek tot my verbasing 'n aantal bale met my eie naam daarop. Ek gaan dadelik na die kaptein en vra vir hom wie die eienaar van daardie bale goed was.

„ ‚Ag!' antwoord die kaptein, ‚hulle het aan 'n koopman met die naam van Sindbad behoort. Maar hy het op 'n vreeslike manier omgekom kort nadat ons vertrek het. Saam met 'n aantal mense van my skip het hy op 'n groen eilandjie

geland, maar dit was in werklikheid die rug van 'n slapende walvis. Toe die monster die warmte van die vuur voel wat hulle op sy rug maak, word hy wakker en duik onder die see in. Baie van my mense het verdrink, en onder hulle was Sindbad. Nou wil ek sy goed verkoop sodat ek die geld aan sy familie kan gee as ek hulle vind.'

„ ‚Kaptein,' sê ek toe, ‚daardie bale is my eiendom, want ek is daardie Sindbad waarvan u vertel het.'

„ ‚Hoeveel boosheid is daar tog op die wêreld!' roep die kaptein uit, ‚Hoe durf jy voorgee dat jy Sindbad is, en ek het hom dan voor my oë sien verdrink.'

„Maar naderhand, toe ek hom alles vertel wat met my gebeur het, en die ander koopmans van die skip my herken as die ware Sindbad, was hy baie bly, en gee hy bevel dat die bale goed aan my moes oorhandig word.

„Nou was ek in staat om die Koning 'n mooi present te gee, en nadat ek my goed verruil het vir sandelhout, neut,

gemmer, peper en naeltjies het ek weer met die goeie ou kaptein saam gaan vaar. Op pad huis-toe was ek in staat om al my speserye teen 'n goeie prys van die hand te sit, sodat ek 'n goeie som geld besit het toe ek aan wal stap.

„My familie was baie bly om my weer te sien, en ek het 'n stuk land gekoop en 'n mooi huis daarop gebou, waarin ek gelukkig wou lewe en al die moeilikhede vergeet wat ek gehad het."

Dit was die einde van die storie van Sindbad se eerste Seereis. Hy gee nou bevel dat die musiek moet begin en die fees aangaan, en toe dit verby was gee hy honderd goudstukke aan die arme kruier Hindbad, en sê dat hy die volgende aand om dieselfde tyd weer moes kom as hy die verhaal van die Tweede Seereis wou hoor.

Hindbad het vol blydskap huis-toe gegaan, en 'n mens kan jou verbeel hoe gelukkig die arme familie daardie aand was.

Die volgende aand het hy sy beste klere

aangetrek en weer na Sindbad se huis toe gegaan. Daar het hy weer net so 'n lekker maal geniet, en toe dit verby was, sê Sindbad : „My vriende, ek sal julle nou die verhaal van my tweede seereis vertel, en ek dink julle sal dit nog wonderliker vind as die eerste."

DIE TWEEDE SEEREIS

Ek was 'n hele ruk baie gelukkig tuis, maar eerlang het ek moeg geword van so 'n ledige bestaan. Ek wou weer op die see wees, en die goeie skip oor die golwe voel seil, en die wind hoor fluit deur die touwerk.

Daarom het ek alle soorte goed opgekoop om in vreemde lande te gaan verkoop. Toe soek ek 'n geskikte vaartuig, en saam met ander koopmans vaar ek die see in. So het my tweede seereis begin.

Ons het by baie plekke aangegaan, en ons goed teen 'n groot profyt verkoop, en alles het goed gegaan totdat ons een dag

op 'n nuwe eiland aanland. Dit was 'n pragtige plek, skoon soos die Hof van Eden, waar lieflike blomme 'n reënboog van kleure maak, en heerlike vrugte in ryp trosse van die takke afhang.

Hier gaan ek in die skaduwee van 'n boom sit en laat my oë feesvier op al die lieflikheid rondom my. Ek eet die kos wat ek saam gebring het, drink my wyn, en maak my oë toe. Die sagte musiek van die stroom daar langs my was soos 'n gesang in my ore, en voor ek geweet het wat ek doen, raak ek aan slaap.

Ek weet nie hoe lank ek geslaap het nie, maar toe ek eindelik my oë oopmaak, kon ek my maats nêrens sien nie, en toe ek na die see se kant toe kyk, vind ek tot my skrik dat die skip vertrek het. Soos 'n wit stippeltjie in die verte, sien ek dit verdwyn, en hier was ek, alleen op 'n woeste eiland. Ek roep hardop uit, vryf my hande in wanhoop, en wens met my hele hart dat ek tog maar liewers by die huis gebly het. Maar wat help dit nou om dit te wens ?

Ek klim toe maar in 'n boom, en kyk rond of ek nie êrens 'n uitkomste sien om van die eiland af weg te kom nie. Eers kyk ek na die see se kant toe, maar daar was geen hoop vir my in daardie rigting nie, en toe draai ek om en kyk na die land se kant toe. Die eerste ding wat my oog gewaar was 'n groot wit koepel, wat uit de middel van die eiland oprys, en anders lyk as enigiets wat ek al ooit gesien het.

Ek klim uit die boom, en loop so vinnig as ek kan na die wit koepel toe, maar toe ek daar kom, was ek meer verbaas as voorheen. Dit was soos 'n groot gladde bal, veels te glad om teen op te klim, en daar was geen deur of ingang van enige aard nie. Ek het al om die koepel gestap, en gewonder wat dit kon wees, toe daar skielik 'n swart skaduwee oor val, en alles swart word soos die nag.

Verskrik kyk ek op, en sien dat die skaduwee gegooi word deur 'n groot voël met uitgespreide vlerke wat oor die plek sweef waar ek staan, en die lig van die

son afkeer. Terwyl ek nog kyk skiet die voël skielik na ondertoe en gaan op die koepel sit.

Toe skiet dit my te binne dat dit die voël moet wees waarvan ek die matrose hoor praat het, naamlik die rok, en dat die gladde wit bal sy eier moet wees.

So vinnig soos 'n gedagte maak ek my tulband los, dit vleg dit soos 'n tou. Toe draai ek dit om my middel, en bind die twee punte styf aan die rok se poot vas, want dit was digby die plek waar ek staan.

„Die voël sal gou weer wegvlieg, en my saamdra van hierdie woeste eiland af," dink ek verheug.

En waarlik, kort daarna voel ek dat ek van die grond af gelig word, en opstyg in die lug tot dit lyk of ons in die wolke beland het. Daarna begin die groot voël weer af te sak, en toe dit op die grond trap, maak ek gou my tulband los en ek was vry.

Ek was so klein, in vergelyking met die rok, dat hy my nooit eens gemerk het

nie, maar hy skiet vinnig na 'n groot swart ding toe wat daar naby ons lê, en gryp dit in sy bek en verdwyn daarmee. Verbeel julle hoe groot my skrik was toe ek sien dat daar nog ander swart goed rondlê, en uitvind dat dit groot swart slange is.

Hier was ek nou, in 'n diep vallei, tussen berge wat aan alkante steil opstyg, en niks te sien tussen daardie rotse nie as aaklige swart slange.

„Ag," sug ek, „hoekom het ek ooit geprobeer om die eensame eiland te verlaat ? Ek is nou in 'n groter ellende as ooit."

Terwyl ek so rondkyk sien ek dat die grond besaai was met edelgesteentes wat skitter in die lig, en toe ek hulle nader bekyk, vind ek dat dit diamante van buitengewone grootte was, al lê dit daar rond soos gewone klippe.

Eers was ek verheug, maar my vreugde het nie lank geduur nie, want elke oomblik verwag ek dat een van die vreeslike slange my sou gryp.

Daardie slange was so groot dat hulle

maklik 'n olifant sou kan insluk, en hoewel hulle bedags stil bly lê, en wegkruip uit vrees vir die rok, kom hulle snags uit om kos te soek. Gelukkig het ek 'n grot tussen die rotse ontdek, en daar het ek in vrees en bewing gesit tot die volgende môre, en toe weer na die dal gegaan.

Terwyl ek nog daar sit en wonder wat ek nou moes aanvang, sien ek 'n groot stuk rou vleis teen die rotse afkom, van een punt na die ander, gevolg deur ander stukke, totdat daar verskeie groot stukke aan my voete lê. Toe onthou ek 'n verhaal wat reisigers my vertel het van die beroemde Diamantvallei. Hulle sê dat elke jaar, as die jong aasvoëls uitgebroei is, die koopmans na die hoogtes bokant die vallei gaan, en groot stukke rou vleis teen die rotse afrol. Die diamante waarop die vleis val, sit dan dikwels vas in die sagte vleis, en dan kom die aasvoëls om die vleis na hulle kleintjies toe te dra. Die mense verjaag dan die voëls en haal die diamante uit die nes uit.

Daardie wonderlike storie het ek nooit

geglo nie, maar nou sien ek dat dit waar is, en ek voel nou seker dat ek in die beroemde Diamantvallei beland het.

Ek het alle hoop op ontvlugting opgegee, want daar was geen die minste kans om uit die vallei uit te klim nie, maar toe ek so sit en kyk hoe die aasvoëls die stukke rou vleis wegdra, kry ek 'n plan, en ek skep weer moed.

Eers soek ek rond en maak my sakke vol met die grootste diamante wat ek kon vind. Toe soek ek die grootste stuk vleis uit en bind dit aan my lyf vas met die tou wat ek van my tulband gevleg het. Ek het geweet dat die aasvoëls gou weer sou kom kos soek, daarom gaan ek plat op die grond lê met die stuk vleis na boontoe. Ek hou dit styf vas met my hande, en wag om te sien wat verder sou gebeur. Dit het nie lank geduur nie voordat daar 'n reusagtige aasvoël aangevlieg kom. Die voël gryp die vleis en dra dit saam met my vinnig weg tot by sy nes hoog tussen die bergtoppe. Net toe ek in die nes val, spring 'n man agter 'n rots uit, en maak 'n groot

lawaai sodat die aasvoël wegvlieg. Die koopman aan wie die nes behoort kom nou vinnig aan om na die stuk vleis te soek. Maar toe hy my sien, skrik hy agteruit, en word ook sommer dadelik kwaad.

„Wat maak jy hier ?" vra hy kwaai. „Hoe durf jy probeer om my diamante te steel ?"

„Bedaar, mens," sê ek kalm, „ek is geen dief nie, en as jy my storie gehoor het sal jy vir my jammer wees en my nie blameer nie. Wat die diamante betref, ek het hier 'n paar wat meer werd is as al die ander wat jy al ooit gesien het."

Toe vertel ek vir hom en die ander koopmans wat daar staan, van al my awonture, en hulle slaan hulle oë op na die hemel in verbasing oor my moed, en die wonderlike manier waarop ek dit reg gekry het om so baie gevare te ontsnap. Ek haal 'n handvol diamante uit en gee dit vir hulle aan, en hulle moes verklaar dat dit die mooiste stene was wat hulle nog ooit gesien het.

„U kan een kies, om u te vergoed vir die teleurstelling," sê ek vir die koopman wat my gevind het.

„Ek sal hierdie kleintjie neem," sê hy, en hy neem een van die kleinste uit die skitterende hoop.

Ek hou aan dat hy 'n groter een moet neem maar hy skud net sy kop. „Hierdie een is genoeg om my al die rykdom te bring wat ek verlang," sê hy, „en ek hoef nie langer my lewe in gevaar te stel om nog meer te soek nie."

Ons vertrek toe almal na die naaste hawe, waar ons 'n skip vind om ons huis-toe te neem. Ons het baie awonture op weg na ons tuiste gehad, maar eindelik kom ons aan die end van ons reis, en nadat, ek my diamante verkoop het, het ek soveel geld besit dat ek baie aan die arm mense kon gee, en in groter weelde as ooit tevore kon lewe.

Hier bly Sindbad stil, en gee die bevel dat Hindbad nog honderd goudstukke moes ontvang, en dan na sy huis vertrek. Maar die volgende aand het al die gaste,

en onder hulle ook Hindbad, weer versamel, en Sindbad begin hulle weer 'n storie van sy awonture te vertel, en hy noem dit die Verhaal van sy Derde Seereis.

DIE DERDE SEEREIS

Ek het so 'n stil tydjie tuis deurgebring dat ek besluit om nog goed te koop en weer 'n seereis te onderneem en handel te dryf, net soos voorheen.

Die seereis het baie voorspoedig begin. In elke seehawe het ek van my goed verkoop, en ek het al gedink dat ek nou nie meer teenspoed sou kry nie, toe daar een dag 'n vreeslike storm losbreek. Ons skip is uit sy koers gedryf, en die kaptein kon nie uitmaak waar ons is nie tot ons by 'n eiland uitkom. Hier was ons verplig om skuiling te soek teen die storm en die anker uit te gooi, maar toe die kaptein die eiland goed beskou het, trek hy sy hare uit van wanhoop.

„Ons is verlore!" roep hy uit, „want

dit is niks anders nie as die Berg van die Ape."

Toe vertel hy vir ons dat niemand nog ooit lewendig van hierdie eiland af gekom het nie, want die mense wat hier woon lyk meer na ape as na mense, en hulle is so baie dat dit hopeloos is om te probeer om teen hulle te veg.

Hy praat nog toe 'n menigte klein skepseltjies op die strand verskyn en na die skip toe swem. Toe hulle naby kom, kon ons sien dat hulle dwergies is, so lelik soos ape, hulle vel bedek met hare soos rooi bont, en hulle ogies klein en blink, met 'n geel glans. Daar was so baie van hulle dat hulle dadelik die skip gryp en dit na die strand toe sleep, en nadat hulle ons daar afgelaai het, seil hulle weg na 'n ander eiland toe.

Bedroef en bang dwaal ons toe rond, op soek na vrugte of wortels om te eet, en toe dit aand word, sien ons 'n groot paleis voor ons, waar ons hoop om skuiling en veiligheid te vind.

Die paleis het 'n groot deur van ebbe-

hout gehad, wat ons nou oopstoot om in die binneplaas te kom. Ons was verbaas om niemand daar te sien nie, en hoe ons ookal rondkyk, daar was niks te sien nie as net 'n groot hoop bene en 'n menigte braaispitte.

Ons staan nog so nuuskierig en rondkyk, toe ons 'n harde geluid soos donder hoor, en toe ons na die ebbehoutdeur kyk sien ons dat dit stadig oopgaan, en daar, teen die hoogrooi en goud van die aandlug, sien ons die vreeslikste swart monster wat woorde kan beskryf. Hy was pikswart en so lank soos 'n palmboom, en in die middel van sy voorkop sit een rooi oog, wat brand soos 'n gloeiende kool. Sy mond lyk soos die opening van 'n donker put, sy lippe soos 'n kameel s'n, en hulle hang los oor sy bors, terwyl sy ore, so groot soos die van 'n olifant, oor sy skouers flap, en sy naels soos die skerp kloue van 'n roofvoël lyk.

Sodra ons daardie vreeslike reus sien, val ons almal flou van skrik, maar toe ons weer reg word sien ons dat hy ons

dophou met sy een rooi blink oog. Skielik buk hy en gryp my agter my nek, en tel my op in die lug, waar hy my ronddraai en my knyp om te voel of ek vet is. Toe hy uitvind dat ek net vel en been is, sit hy my neer en gryp een na die ander van my maats, hy knyp en steek aan hulle tot hy by die kaptein uitkom, die vetste van ons almal. Nou kom daar 'n aaklige glimlag oor sy gesig, en hy steek meteens 'n braaispit deur die arme man, en hou hom oor die vuur om te braai.

Na die reus sy aandete klaar het, raak hy aan slaap, en daardie hele nag snork hy soos donderweer. Vroeg die volgende môre staan hy op en gaan uit, sodat ons alleen agterbly.

Toe hy weg was begin almal te kerm en te huil oor ons groot ongeluk. Ons verlaat die paleis dadelik om 'n skuilplek te soek, maar nêrens op die eiland kon ons 'n skuiling kry nie, en dus moes ons maar weer na die paleis toe gaan vir die nag. Met donker kom die reus terug en gryp een van ons geselskap wat hy braai en

opeet, netsoos hy ons arme kaptein die vorige aand opgevreet het.

Toe die reus die volgende dag weer uitgaan, verlaat ons die paleis, vas besluit om liewers in die see te spring en te verdrink as om terug te kom en gebraai en opgevreet te word. Maar toe ons by die strand aankom, sê een van ons maats : „Het Allah dit nie verbied om 'n mens se eie lewe te neem nie ? Laat ons liewers saamstaan en hierdie vreeslike monster doodmaak."

„Jy praat verstandig," antwoord ek. „Nouja, my broers, luister na my woorde. Laat ons 'n vlot maak van hierdie dryfhout en dit klaar sit om in die see te stoot, sodat ons daarop kan probeer ontsnap, as my plan om die reus dood te maak nie geluk nie."

Hiermee het hulle almal saamgestem, en toe dit aand word was verskeie vlotte ook klaar en reg om in die see te stoot.

Toe stap ons met swaar harte terug na die paleis, want ons weet dat daar weer een van ons sou doodgemaak word. Maar

toe die reus sy maal klaar het, en sy gesnork soos donder die vaste grond onder ons voete skud, kruip ons gou na die vuur en gryp twee van die groot yster-spitte. Ons druk hulle in die hart van die gloeiende kole in, en wag tot hulle rooi-warm is. Toe bring ons hulle stilletjies na die plek waar die reus lê en slaap, en met al ons mag druk ons die rooiwarm spitte in sy groot rooi oog.

Met 'n aaklige skreeu van pyn en woede word die reus wakker. Hy spring op en soek rond met sy arms om ons te vang, maar hy kon nie sien waar ons is nie, en so kry ons dit reg om uit sy pad te bly en plat te lê in die hoeke van die vertrek waar hy ons nie kan bykom nie.

Hy brul van woede en toe hy by die swaar deur kom, verdwyn hy in die duis-ter, terwyl die naglug gevul word met sy geskreeu en gehuil.

Sonder 'n oomblik te verloor, hardloop ons na die strand toe, waar ons die vlotte gelaat het, en gaan sit ons en wag om te

sien of die reus dood is en of ons nog meer te vrees het.

Helaas! met dagbreek hoor ons donderende voetstappe, en sien ons die gewonde reus na ons toe kom, aan die hand gelei deur twee ander reuse, net so groot en aaklig soos hy.

Ons maak gou ons vlotte los en probeer om te ontsnap, maar die reuse gryp groot stukke rots en gooi dit agter ons in die see, sodat al die vlotte omkantel en sink, behalwe die een waarop ek en twee van my maats ronddryf. Ons het egter ontsnap, en dag en nag geroei, totdat ons spoedig op 'n ander eiland te lande kom.

Hier vind ons die heerlikste vrugte, en ons sit nog so en rus na die groot gevare, en eet en drink en geniet die sonskyn en stilte, toe ons skielik 'n geweldige sissende geluid hoor. Ons was versteen van skrik, en voor ons kon roer sien ons 'n groot slang wat na ons toe aangeseil kom, een van ons gryp en hom heel insluk.

„Ag," roep ons uit, terwyl ons vlug van die plek af, „ons het een ramp ontvlug

om in 'n nog vreesliker ellende te beland. Hoe kan ons ooit die aaklige slang ontsnap ?"

Ons hardloop verder en verder, tot ons by 'n hoë boom kom, waarin ons klim, met genoeg vrugte om ons aan die lewe te hou.

Maar daardie nag, toe ek so in die hoogste mik van die boom sit, skrik ek wakker van die gesis van die slang, en ek sien hoedat hy om die boomstam krul totdat hy by my arme maat kom, en hom insluk.

„Helaas !" roep ek uit, „daar is geen kans om te ontsnap nie. Ek sal nou maar van die krans af in die see gaan spring en verdrink, liewers as om lewendig ingesluk te word."

Maar toe ek by die see kom onthou ek weer dat ek nie reg het om my eie lewe te neem nie, dus gaan ek maar terug en maak soveel hout en takke en dorings bymekaar as ek in die hande kon kry. Ek bind alles in sterk bondels aan mekaar vas, en bou daarmee 'n soort ronde hut

onder 'n boom. Aan die bokant het ek dit styf vasgebind, en geen gaatjie oop gelaat waardeur die slang sou kan insluip nie.

Daardie hele nag deur het die aaklige gesis in my ore geklink, en ek kon die slang om my hut hoor seil, waar ek lê en bewe, halfdood van angs. Toe die dag breek, en ek weer veilig voel, hardloop ek na die strand toe. Ek was nou vas besluit om my maar liewers te gaan verdrink as om weer so 'n nag deur te bring.

Maar, Allah sy gedank, wat anders sou ek sien toe ek na aan die strand kom as 'n skip wat digby die eiland verby vaar. Ek skreeu en waai my tulband, en tot my vreugde sien ek 'n boot wat na my toe gestuur word.

Toe ek aan boord kom vertel ek my geskiedenis, en almal het my bejammer en my baie vriendelik behandel. Hulle het my nuwe klere gegee, want my eie klere was flenters, en hulle het alles gedoen om my tuis te laat voel.

Ons vaar toe verder, en naderhand kom ons by 'n eiland uit waar sandel-

houtbome staan. Hier laat ons die anker val, en terwyl die koopmans aan land gaan om met die mense van die eiland handel te dryf, roep die kaptein my eenkant-toe.

„Luister na my," begin hy ; „jy is arm en 'n vreemdeling, en ek wil jou graag help. Sien jy hierdie goed ? Hulle het aan 'n koopman van Bagdad behoort, wat in my skip gereis het, maar wat per ongeluk op 'n eensame eiland agtergebly het. Ek wil graag sy goed so goed as moontlik verkoop, sodat ek die geld aan sy bloedverwante kan teruggee. Neem jy nou die goed en dryf daarmee handel, dan gee ek jou 'n deel van die wins."

„Goed," sê ek, „maar wat was die naam van daardie koopman ?"

„Sy naam," sê die kaptein, „was Sindbad die Seeman."

Toe sien ek dat die bale met my eie private merk gemerk was, en ek draai na die kaptein toe met die vraag : „Is daardie koopman regtig dood ?"

„Ag, ja, ek vrees daar is geen hoop

dat hy nog lewe nie," antwoord die kaptein.

„Bekyk my goed," sê ek. „Het jy nog nooit my gesig gesien nie ? Ek is daardie Sindbad wat agtergebly het op die eiland van die Rok."

Toe vertel ek hom van al my awonture, en toe hy luister, herken hy my, en tot my groot vreugde gee hy my al my goed terug sowel as al die geld wat hy vir my gemaak het op ander eilande.

Kort daarna kom ons in Bagdad aan, en ek was nou so ryk dat ek my geld nie kon tel nie. Ek het meer stukke grond gekoop en baie geld aan die armes gegee, en baie gou al die gevare en moeilikhede wat ek belewe het vergeet.

Dit was die einde van die verhaal van die derde seereis, en Sindbad het weer die bevel gegee dat Hindbad honderd goudstukke sou ontvang, en dat hy die volgende aand sou terugkom om die verhaal van die vierde seereis te hoor.

DIE VIERDE SEEREIS

Na my derde seereis was ek so ryk en gelukkig dat julle seker wonder hoekom ek nie tuis gebly het en my rykdom geniet het nie. Maar my liefde vir reis en awonture was te groot en ek kon nie rus nie.

Weer het ek 'n hoop handelsware gekoop, en weer met 'n geselskap koopmans vertrek om vreemde lande te besoek.

Ons het by baie plekke aangegaan, en groot winste gemaak, maar een dag het daar 'n vreeslike storm opgekom, en hoewel die kaptein alles gedoen het wat hy kon om die skip te red, was hy magteloos in die stormwind.

Die wind het die seile aan flenters geskeur, en die golwe slaan oor die dek totdat die skip begin te sink. Die meeste van die bemanning en passasiers het verdrink, maar 'n paar van ons het vasgeklou aan planke, en na 'n vreeslike nag van gevaar word ons op 'n eiland uitgespoel.

Meer dood as lewendig, lê ons daar tot die volgende oggend, en toe gaan ons die

land in, op soek na voedsel. Ons het nie ver gegaan nie toe ons 'n trop swart barbare ontmoet, wat ons omring en saamneem na hulle hutte toe.

Eers het hulle 'n maal klaargemaak, waarvan my maats lekker geëet het, maar ek was versigtiger, en maak maar of ek eet. Want ek het gemerk dat die swartes niks van die kos eet nie.

Dit was maar goed dat ek so versigtig was. My maats het skaars die kos ingehad of hulle word rasend soos malmense. Dit was blykbaar wat die swartes verwag het, want nou maak hulle 'n groot maaltyd van rys en klapperolie klaar, waarvan my maats weer gulsig eet, en ek merk toe dat die barbare van plan is om hulle vet te maak en dan dood te maak en te eet.

Ek het so bang geword dat ek skaars iets kon eet, en ek het so maer geword dat hulle skaars na my gekyk het, en eendag, toe hulle my by 'n ou swart skepsel laat bly, het ek dit reggekry om te ontsnap. So vinnig soos ek kon vlug ek na die bosse toe, en sewe dae lank het ek

skaars gerus, maar altyd verder geloop, totdat ek aan die anderkant van die eiland uitkom. Tot my blydskap kom ek op die strand 'n geselskap witmense teë wat peper bymekaar maak. Hulle was verbaas om my te sien, en nog meer verbaas toe ek hulle van my awonture vertel.

„Daardie barbare maak elke mens dood en eet hom op wat in hulle hande val," se hulle, „en jy is die enigste wat ontsnap het."

Toe bring hulle my aan boord, en neem my saam na hulle eie land toe, waar hulle my voor die Koning bring.

Hulle het my baie goed behandel, en omdat die koning my spesiale gunste bewys het, was ek baie gou 'n belangrike persoon. Die eiland was baie ryk, en hulle het baie handel gedryf, sodat ek gelukkig en tevrede geleef het. Oor een ding het ek my baie verbaas, en dit is, dat die mense so goed gery het op pragtige perde, maar sonder saal of stiebeuel of toom.

„U Majesteit," waag ek een dag om te

vra, „hoe is dit dat niemand in u land 'n saal gebruik nie ?"

„Wat is dit ?" vra die koning met belangstelling. „Ek het nog nooit daardie woord gehoor nie."

Toe soek ek 'n skrander werksman uit, en wys vir hom hoe om 'n mooi saal te maak. Ek het ook stiebeuels, spore, en 'n toom laat maak, en toe alles klaar was, gee ek dit vir die koning present, en wys vir hom hoe om dit te gebruik. Toe hy dit probeer het was hy net in sy skik daarmee, en al die edelliede vra vir my om vir hulle ook sulke saals te maak.

Op dié manier het ek al hoe vernamer en ryker geword, totdat die koning een dag vir my sê dat dit sy begeerte is dat ek met 'n mooi meisie van die land moes trou en dan altyd daar bly.

Toe ek die meisie sien, was ek gewillig om te doen wat die koning verlang, en ons het so gelukkig en tevrede saam geleef, dat ek naderhand vergeet het dat ek 'n ander tuiste het. Maar een dag het ek 'n wrede ontnugtering gehad.

Ek het groot vriende geword met een van my bure, en toe ek hoor dat sy vrou skielik dood is, was ek baie bedroef. Ek gaan dadelik na hom toe, en probeer om hom in sy droefheid te troos.

„Mag Allah jou bewaar, en jou nog lank spaar," sê ek toe ek by hom kom. Maar hy lig nie sy oë van die grond af nie.

„Helaas!" antwoord hy, „hoe kan jy van 'n lang lewe praat, as ek binne 'n paar uur by my vrou sal begrawe wees? Weet jy nie dat dit 'n wet van hierdie land is dat as die vrou sterf haar man saam met haar begrawe word nie, en as hy eerste sterf, dan word sy vrou met hom saam begrawe."

„Hoe vreeslik!" sê ek, „ek kan dit nie glo nie." Ek praat toe met die koning daaroor, maar hy vertel my dat dit altyd die wet van die land gewees het, en dat niemand dit vreemd vind nie.

Nou kan julle begryp hoe ek gevoel het toe my vrou eendag siek word, en na 'n kort siekbed sterf.

Hy gryp my agter my nek (bl. 90)

Hulle het al haar kosbaarste klere en juwele vir haar aangetrek, en toe vertrek ons almal na 'n hoë berg toe. Toe ons daar kom, word 'n klip voor die bek van 'n diep put weggerol, en in daardie put word die lyk van my vrou afgelaat.

Ek het gesmeek en gebid vir my lewe, maar niemand het die minste notisie geneem van wat ek sê nie. Hulle het sewe klein broodjies en 'n beker water saamgebring, en dit word nou saam met my in die donker put neergelaat. Die klip word weer op sy plek gerol en ek bly alleen agter.

Ek het gesit en kerm en my lot bekla, maar dit het my natuurlik nie gehelp nie. Sewe dae lank het ek op die broodjies gelewe, en spaarsaam van die water gedrink, en toe alles op was, besluit ek dat ek maar moet sterwe. Maar skielik sien ek iets wat roer in die agterkant van die spelonk, en 'n klein vaal diertjie vlieg by my verby.

Dadelik spring ek op, en volg dit, totdat dit in 'n skeurtjie van die rots verdwyn.

Nog steeds volg ek, en druk my lyf deur die nou gang, en toe ek 'n bietjie verder geloop het, voel ek die vars seelug teen my warm gesig. 'n Oomblik later staan ek op die seestrand, onder die blou lug, verlos uit die nare grot. Die ding wat ek gevolg het was seker die een of ander diertjie wat in die grot in gedwaal het, en so vir my die pad gewys het na die buitelug toe.

Ek besluit toe om weer deur die nou gangetjie te kruip en die juwele bymekaar te maak wat orals in die grot rondlê. Ek bind dit vas in bondels, en gaan toe op die strand sit en wag vir 'n skip om verby te kom.

Daardie hele nag het ek gesit en wag, en die volgende oggend, sien ek tot my groot vreugde die seil van 'n skip. Ek waai met my tulband, en doen wat ek kan om hulle aandag te trek, en baie gou word daar 'n boot gestuur om my te haal.

„Hoe kom jy hier ?," vra die matrose verbaas. „Ons het nog nooit 'n lewendige mens op hierdie strand gesien nie."

Ek wou hulle nie vertel waar ek van-

daan kom nie, uit vrees dat hulle my dalk sou terugneem, daarom sê ek maar :

„Ek is 'n tydjie gelede hier gestrand, en hierdie bale goed is al wat ek gered het."

Tot my blydskap het die matrose nie verder uitgevra nie, en my en my bale goed na die skip toe geneem.

So het ek veilig tuis gekom met meer rykdom as ooit tevore, en met groot dankbaarheid in my hart omdat ek uit sulke vreeslike gevare gered was."

Hier bly Sindbad stil, en Hindbad word weer huis-toe gestuur met honderd goudstukke, en gevra om die volgende dag weer te kom, om van die Vyfde Seereis te hoor.

DIE VYFDE SEEREIS

„Luister, my broers," begin Sindbad, toe hulle almal om die tafel sit, „ek gaan nou vir julle die awonture van my Vyfde Seereis vertel."

Ek was nog nie genees van my liefde vir awonture nie, en ek was nie lank tuis

nie toe ek weer rusteloos voel en verlang om op die see te wees.

Hierdie keer het ek nie op 'n vreemde skip vertrou nie, maar self een laat bou, sodat ek kon vertrek wanneer ek lus het, en gaan waar ek wil. Maar dit was 'n groot skip, en dus het ek verskeie ander koopmans genooi om hulle lot met my in te gooi, en so vertrek ons saam.

Ons het op baie plekke aangegaan en fluks handel gedryf, tot ons op 'n dag by 'n woeste eiland uitkom, met 'n snaakse wit koepel in die middel. Ek het geweet dat dit 'n rokeier was, maar niemand anders het dit geken nie, daarom soebat my maats om te mag land, sodat hulle die wonderlike ding van naby kon sien.

Die jong voël was so amper uitgebroei dat sy bek al deur die dop steek, en voordat ek hulle kon keer het my maats dit uitgetrek en stukkend gesny. Ek waarsku hulle dat daar 'n ongeluk oor ons sou kom, maar hulle was vas besluit om fees te vier. Ek praat nog toe die son donker word, en groot swart vlerke hulle skadu-

wee oor ons gooi, soos die ou voëls na die nes toe gevlieg kom.

„Daar is nie 'n oomblik te verloor nie!" skree ek. „Ons moet dadelik aan boord gaan en probeer om die wraak van die roks te ontduik."

Ons haas ons na die skip toe, en die kaptein lig dadelik die anker, in die hoop dat ons gou buite die bereik van die woedende voëls sou wees. Maar eerlang kruip die vreeslike swart skaduwee weer tussen ons en die son in, en in die flou lig kon ons die groot voëls oor ons koppe sien sweef, met groot rotsblokke in hulle kloue.

Toe die roks regoor die skip kom, laat een van hulle sy rotsblok val, maar dit mis die skip en klief die water met soveel geweld dat ons vir 'n oomblik aan weerskante van die skip 'n muur water sien en die sanderige bodem van die see.

Maar amper voordat ons kon opkyk, laat die ander voël haar rots val, en dit was so goed gemik dat ons skip aan stukke gebreek word. Almal van ons wat

nie gedood is nie, word ver en naby in die see gesmyt en verdwyn onder die water.

Maar deur die goedheid van Allah het ek dit reg gekry om aan 'n plank vas te klou, en met my voete te roei totdat ek by 'n afgeleë eiland uitkom.

„Waarlik," sê ek, toe ek so oor die eiland dwaal, „waarlik, dit is die mooiste plek op die hele aarde."

Nog nooit het ek sulke heerlike vrugte gesien nie, of sulke helder lopende water nie. My vrees en vermoeienis was alles vergeet, en ek rus en verfris my in die koel skaduwee van die groen bome.

Toe ek die volgende oggend rondstap en vrugte pluk, sien ek 'n ou man wat op die wal van 'n stroom sit. Hy lyk so oud en swak en moeg, dat my hart vervul word met medelyde.

„Wat maak u hier?" vra ek. „Is u een van die matrose wat hier gestrand het?"

Maar die ou man skud net sy kop met 'n droewige gebaar, en maak 'n gebaar vir

my om hom oor die stroom te help. Ek was gewillig om dit te doen, daarom buk ek en help hom om op my skouers te kom. Hy was swaarder as wat ek verwag het, maar ek loop deur die water en buk om die ou man 'n kans te gee om af te klim. Maar in plaas van dit te doen, draai die ou ellendeling sy gespierde bene stywer en stywer om my nek vas totdat ek skaars kon asemhaal, en met 'n gesmoorde uitroep val ek op my gesig neer en word flou deur gebrek aan asem.

Toe ek weer bykom, sit die ellendige ou monster nog styf op my skouers, en hy begin my met sy skerp knieë so pynlik te steek dat ek verplig was om op te staan en te loop waarheen hy my wil dryf.

Ek het geen woorde om die ellende te beskryf wat ek dag na dag moes verduur nie. Nie vir een oomblik het die ou man laat los nie, selfs nie solank as ons slaap nie, en so skerp en pynlik was sy metodes om my te dryf dat ek niks kon doen as om hom te gehoorsaam nie. So onder die loop het hy vrugte gepluk, en my ook toegelaat

om te pluk anders sou ek van honger gesterf het.

Eendag kom ons by 'n plek waar 'n menigte kalbasse groei, en daar vind ek een wat droog geword het in die son en heeltemal leeg was. Ek neem dit en druk daar die sap van 'n paar trosse druiwe in uit, en laat dit in die son staan om te gis. Toe ons 'n paar dae later weer op dieselfde plek uitkom, vind ek die kalbas vol van die heerlikste wyn. Ek drink die wyn gretig uit, en voel dadelik soveel sterker en gelukkiger dat ek begin dans en sing. Die ou monster op my rug lyk verbaas, en hy maak gebare dat hy ook van die wyn wou proe. Ek het nie gewaag om dit te weier nie, en ek gee vir hom die kalbas aan.

Dit was 'n baie groot kalbas en kon 'n groot hoeveelheid wyn hou, en die ou man het nie gerus voordat hy elke druppel gedrink het nie. Teen daardie tyd skree en lag hy, en laat langsamerhand sy bene losgaan. Met een groot inspanning van al my krag skud ek hom af op die grond, en

daar lê hy toe, om nooit weer op te staan nie.

Ek was baie dankbaar om van my las ontslae te wees, en ek stap aan, vry en vol vreugde, tot ek aan die seestrand kom. Daar ontmoet ek 'n geselskap matrose wat so pas daar geland het om hulle vate vol vars water te maak.

„Wie is jy?" vra hulle verbaas, toe hulle my sien, „en hoe kom jy op hierdie woeste eiland?"

Ek vertel hulle al my ervarings nadat ek skipbreuk gely het, en toe lyk hulle nog meer verbaas.

„Jy moet weet, o gelukkige mens," roep hulle uit, „dat jy 'n vreeslike gevaar ontsnap het. Die ou man wat op jou rug gesit het was niemand anders nie as die Ou Man van die See, en nog nooit tevore het 'n mens losgekom wat in sy kloue geval het nie."

Hulle neem my na hulle skip toe en ons vaar verder tot ons by 'n groot stad uitkom met huise van klip gebou. Hier het een van die koopmans wat my baie

vriendskap bewys het my geraai om saam met 'n geselskap te gaan wat kokosneute gaan versamel.

„Neem hierdie sak," sê hy, „en moenie wegdwaal van jou maats af nie, en maak net soos hulle maak."

Ons het 'n lang end gestap en daarna kom ons by 'n woud vol kokospalms. Die stamme was so regop en glad dat ek dadelik insien dat dit onmoontlik sou wees om daarin te klim, en ek wag, nuuskierig om te sien hoe my maats die kokosneute in hande sou kry.

Toe ek naderkom sien ek dat daar 'n groot menigte ape onder die bome speel. Toe hulle ons gewaar, begin hulle vinnig in die bome te klouter, tot in die boonste takke. My maats gryp elkeen 'n klip en gooi die ape daarmee. Ek het dit baie wreed gevind.

„Maar hulle het ons mos geen kwaad gedoen nie," sê ek. „Hoekom moet ons hulle dan seermaak ?"

Ek het egter gou uitgevind hoekom hulle dit doen, want die ape begin ons

skielik met kokosneute te bestook, sodat ons dit net kon optel en in ons sakke stop. Hoe meer klippe ons in die boom gooi, hoe meer kokosneute gooi hulle op ons af.

Met sakke vol kokosneute gaan ons terug na die stad, en verkoop ons neute aan die koopmans daar. Op dié manier het ek genoeg geld gemaak om in my behoeftes te voorsien, en baie gou kon ek weer huis-toe gaan. Op pad huis-toe het ons by verskillende eilande aangegaan, waar ek my handelsware omgeruil het vir peper en sandelhout en pêrels. Toe ek eindelik weer by my huis aankom, het ek my handelsware vir soveel geld verkoop dat ek nie geweet het wat om daarmee aan te vang nie."

Hier gee Sindbad 'n teken dat die fees nou maar kon voortgaan, en dat Hindbad weer honderd goudstukke moes ontvang voordat hy vertrek. Al sy bevele is uitgevoer. En die volgende aand toe die gaste en die kruier op hulle gewone plekke sit, vertel Sindbad vir hulle die storie van sy Sesde Seereis.

DIE SESDE SEEREIS

„Hierdie keer," begin Sindbad, „het ek 'n hele jaar tuis gebly, en toe maak ek my klaar om weer op reis te gaan. My vriende en familie het alles in hulle mag gedoen om my tuis te hou, maar ek wou my nie laat omhaal nie, en binnekort het ek vertrek met 'n skip wat op 'n lang seereis gaan.

Van die begin af het alles met ons verkeerd geloop. Storms en winde het ons uit ons pad gedryf, en die kaptein en loods kon nie uitmaak waar ons was nie. Toe hulle eindelik uitvind in watter rigting ons gedryf het, was alles baie deurmekaar. Ons het geskrik toe ons sien dat die kaptein skielik sy tulband afruk, sy baard uitpluk, en sy kop met sy vuiste slaan soos 'n mal mens.

„Wat makeer ?" vra ons, toe ons almal rondom hom staan.

„Helaas !" roep hy uit, „ons is verlore. Die skip is nou in 'n gevaarlike stroom waaruit niks ons kan red nie. Oor 'n

paar oomblikke word ons aan stukke gestamp."

Hy het skaars die woorde gesê toe die skip met 'n vreeslike vaart reguit na 'n rotsagtige strand toe geslinger word, waar 'n steil berg tot teen die water kom.

Die skip is flenters geslaan maar ons het almal met die lewe daar af gekom, en saam met ons goed en 'n bietjie kos word ons op die rotsagtige strand uitgesmyt. Hier sien ons die stukke van meer as een wrak, en hope mensbeendere wat wit gebleik was in die son.

„Ons kan maar klaarmaak om te sterf," sê die kaptein bedroef. „Geen mens het ooit weer van hierdie strand af weggekom nie, want dit is onmoontlik om teen daardie berg agter ons uit te klim, en geen skip sal dit waag om nader te kom en ons te red nie."

Maar tog verdeel hy die voorraad kos onder ons dat ons so lank as moontlik mag leef.

Een ding wat my verbaas het was 'n rivier vars water wat uit die berg stroom,

en dan, in plaas van na die see toe te loop, weer verdwyn in 'n rotsagtige grot aan die anderkant van die strand. Ek kyk by die bek van hierdie grot in en sien dat dit omsoom was met fonkelende edelgesteentes, en dat die bedding van die rivier bedek was met robyne en diamante en allerhande kosbare gesteentes. Orals het groot hope daarvan rondgelê, en skatte uit gestrande skepe lê in elke hoekie van die strand.

My maats het een na die ander gesterf as hulle kos opraak, en ek het een na die ander begrawe, totdat ek naderhand stokalleen agterbly. My kos het langer as hulle s'n gehou, omdat ek geleer het om van baie min te lewe.

„Wee my!" roep ek uit, „wie sal my begrawe as ek doodgaan? Ag, waarom was ek nie tevrede om veilig en gelukkig tuis te bly nie?"

Ek kerm en kla en betreur my ongelukkige lot, terwyl ek langs die rivier ronddwaal. Maar skielik, toe ek die water so sien verdwyn in die grot, kry ek 'n

gelukkige ingewing. As hierdie stroom die berg ingaan, moet dit tog êrens weer uitkom, en as ek dit net kon uitvind, kon ek dalk nog hier wegkom.

Haastig maak ek 'n sterk vlot van die hout en planke wat orals op die strand rondlê. Toe maak ek net soveel diamante en robyne en ander skatte uit die gestrande skepe bymekaar as wat op die vlot kon gaan, en ook my laaste bietjie kos. Baie sorgvuldig laat ek die vlot op die water van die rivier neer, en daar dryf ek vinnig met die stroom saam tot ek in die donker grot verdwyn.

Verder en verder gaan ek deur die dik duisternis, en die gang word al hoe kleiner en nouer tot ek plat moes gaan lê om nie my kop te stamp nie. My kos was alles op, en ek gee alle hoop op redding op toe ek genadiglik in 'n diep slaap val, wat seker urelank geduur het. Ek skrik wakker deur die geluid van vreemde stemme, en toe ek opspring vind ek tot my vreugde dat ek weer in die hemelse sonskyn staan.

Die rivier vloei nou saggies deur 'n groen, lieflike land, en die geluide wat ek gehoor het was die stemme van negers wat my vlot saggies na die wal toe stuur.

Ek kon hulle taal nie verstaan nie, totdat een skielik my in Arabies aanspreek.

„Mag u vrede hê!" sê hy. „Wie is jy en waar kom jy vandaan? Ons is die volk van hierdie land, en ons was besig om in ons landerye te werk, toe ons jou vas aan die slaap op die vlot gewaar. Vertel ons hoe jy hier gekom het."

„Ek smeek jou, in die naam van Allah, gee my tog eers iets om te eet, dan sal ek alles vertel."

Die mense het vir my kos gegee, en ek het geëet tot my krag teruggekom het en my siel versterk was, sodat ek hulle al my awonture kon vertel.

„Ons moet hom na die koning toe bring," roep hulle almal uit.

Hulle vertel my toe dat die Koning van Serendib die rykste en grootste koning op

Die ou ellendeling draai sy gespierde bene styf om my nek vas (bl. 109)

aarde was, en ek was gewillig om met hulle saam te gaan, en my bale en ander skatte saam te neem.

Nog nooit het ek groter prag en rykdom gesien as aan die hof van die Koning van Serendib nie, en groot was sy vriendskap teenoor my. Hy het met belangstelling na die verhaal van my awonture geluister, en toe ek vra om tog toegelaat te word om huis-toe te gaan, gee hy die bevel dat ek dadelik 'n skip moes kry om mee te reis. Met sy eie hand het hy 'n brief aan die Kalief, wat ons groot meester is, geskrywe, en my met kosbare geskenke oorlaai.

Toe ek in Bagdad aankom, het ek dadelik na die hof van die Kalief gegaan, en die brief en geskenk van die Koning van Serendib oorhandig.

Die geskenk was 'n kelk uit 'n enkele robyn gemaak, en van binne uitgevoer met kosbare gesteentes, ook vel van 'n slang wat olifante insluk. Op die rug van die slang was kolle soos goudstukke, en dit kon enige siekte gesond maak.

Die Kalief was in sy skik met die brief en die geskenk.

„Vertel my, Sindbad," sê hy, „is hierdie Koning regtig so groot en ryk as wat die mense vertel ?"

„O, my meester," antwoord ek, „geen woorde kan u 'n denkbeeld van sy grootheid gee nie. Sy troon is op 'n reusagtige olifant en duisend perderuiters ry rondom hom, gekleed in goudstof. Sy staf is van goud, ingelê met smaragde, en sy prag en praal is so groot soos dié van Koning Salomo."

Die Kalief luister aandagtig na my woorde, gee my toe 'n geskenk, en laat my vertrek. Ek het so gou as moontlik na my familie en vriende toe terug gegaan, en nadat ek my skatte verkoop het en baie geld aan die armes gegee het, was my vrede en geluk so groot dat my nare awonture baie gou maar net 'n nare droom geword het."

So het Sindbad die storie van sy Sesde Seereis afgesluit, en soos gewoonlik sy gaste gevra om die volgende aand weer

te kom. En die volgende dag, toe al die gaste weer op hulle sitplekke sit, en die feesviering verby was, begin Sindbad die storie van sy Laaste Seereis.

DIE LAASTE SEEREIS

Daarna het ek besluit dat niks op aarde my ooit weer sou verlei om my tuiste te verlaat nie, en dat ek nie weer sou gaan awonture soek nie.

Maar eendag, terwyl ek feesvier met my vriende, kom een van my bediendes my vertel dat 'n bode van die Kalief op my wag.

„Wat is jou boodskap ?" vra ek toe die bode voor my gebring word. „Die Kalief versoek dat u dadelik voor hom sal verskyn," antwoord die bode.

Ek was dus verplig om onmiddellik na die paleis toe te gaan. „Sindbad," sê die Kalief, terwyl ek tot op die grond voor hom buig, „ek het jou dienste nodig. Ek wil graag 'n brief en 'n geskenk na die

Koning van Serendib stuur, en jy moet dit wegbring."

Toe word ek verleë, en so bleek soos die dood. „O, Bevelhebber oor die Getroues," sê ek, „maak wat u wil met my, maar ek het 'n eed geneem om nooit weer my tuiste te verlaat nie."

Ek vertel hom toe al wat my oorgekom het, en hy was uiters verbaas. Tog dring hy daarop aan dat ek moes doen wat hy verlang, en toe ek sien dat daar geen ander uitweg vir my was nie, stem ek toe.

Ek vertrek op bevel van die Kalief, en na 'n voorspoedige seereis bereik ek die eiland van Serendib, waar ek hartlik verwelkom word. Aan die howelinge van die paleis het ek vertel wat my boodskap was, en hulle bring my na die paleis toe, waar ek tot op die grond buig voor die groot Koning.

„Sindbad," sê hy, „jy is welkom. Ek het dikwels aan jou gedink, en gewens om jou gesig weer te sien."

Ek het toe die Kalief se brief oorhandig, en ook die mooi present wat hy ge-

stuur het, en die Koning was in sy skik daarmee. Na 'n paar dae vra ek egter om toegelaat te word om te vertrek, en nadat ek baie geskenke ontvang het gaan ek aan boord skip om huis-toe te gaan.

Maar helaas! die terugreis het sleg begin. Ons was nog maar 'n paar dae op see, toe ons vervolg word deur seerowers, wat ons skip afneem en almal gevange neem wat nie doodgemaak word nie. Onder ander is ek aan land gebring en aan 'n ryk koopman verkoop.

„Wat is jou ambag?" vra die koopman, toe hy my gekoop het. „Ek is 'n koopman," antwoord ek, „en ek ken geen ambag nie." „Kan jy met pyl en boog skiet?" vra my meester.

Dit kon ek darem doen, en my baas gee my 'n boog in die hand en lei my na 'n groot woud, waar hy my beveel om in 'n hoë boom te klim.

„Hou daar wag," sê hy, „totdat jy 'n trop olifante sien verbykom. Probeer dan om een van hulle te skiet, en as dit jou geluk, kom my dit dan dadelik vertel."

Die hele nag het ek daar gesit en wag, maar niks gesien nie. Teen die oggend, egter, kom daar 'n groot klomp olifante met 'n donderende geraas verby, en ek skiet 'n aantal pyle onder hulle af. Een groot olifant val op die grond neer, en lê daar terwyl al die ander verbygaan ; so gou as dit veilig was, klim ek af en gaan die nuus vir my baas vertel. Ons het saam die groot dier begrawe en die plek gemerk, sodat ons kon teruggaan om die tande te haal.

Ek het 'n tydlank daardie werk gedoen, en baie olifante doodgemaak, totdat ek een nag sien dat die olifante, in plaas van die boom waarin ek sit, verby te gaan, dit omsingel, met 'n gestamp en geblaas totdat die aarde dril. Tot my skrik gryp een van hulle skielik die boomstam met sy slurp, en trek dit met wortel en tak uit, waarna hy dit versigtig op die grond neersit.

Ek was amper flou van skrik, maar die volgende oomblik voel ek hoe dat ek saggies opgelig en op die olifant se rug

gesit word. Ek klou vas so al wat ek kan, terwyl die olifant my deur die bosse dra, tot ons eindelik teen die skuinste van 'n heuwel kom, wat bedek was met wit gebleikte bene en slagtande.

Hier lê die olifant my versigtig neer en gaan weg. Ek kyk rond oor hierdie groot hoop ivoor, en ek kon nie help om die wysheid van die diere te bewonder nie. Hulle het my blykbaar hiernatoe gebring om my te wys dat ek ivoor in die hande kon kry sonder om meer van hulle dood te maak. Want dit was die kerkhof van die olifante, daarvan voel ek seker.

Ek het nie lank op die heuwel vertoef nie, maar 'n paar slagtande bymekaar gemaak en daarmee vinnig terug gegaan na die stad toe om my verhaal aan die koopman te vertel. „My arme Sindbad," roep hy uit, toe hy my sien, „ek het al gedink dat jy dood is, want ek het die uitgeplukte boom gevind, en nooit verwag om weer jou gesig te sien nie."

Groot was sy vreugde toe ek hom vertel van die Ivoor-heuwel, en toe ek hom

daarnatoe neem, en hy met sy eie oë die wonder aanskou, was sy verbasing baie groot.

„Sindbad," roep hy uit, „jy sal 'n deel van hierdie groot rykdom kry. En eerste van alles sal ek jou vrymaak. Totnogtoe is my slawe jaar na jaar deur die olifante doodgemaak, maar nou hoef ons nie meer gevaar te loop nie, want hier is genoeg ivoor om die hele eiland te verryk."

So het ek my vryheid verkry, en is ek met eer oorlaai, en toe die skepe kom wat handel dryf in ivoor, het ek die eiland vaarwel gesê, en huis-toe vertrek, en 'n groot lading ivoor en ander skatte saam geneem.

Toe ek aan land stap, het ek dadelik na die Kalief gegaan, en hy was meer as bly om my te sien.

„My bekommernis oor jou was groot, o Sindbad," sê hy, „want ek het gevrees dat die een of ander ramp jou getref het."

Toe ek hom al my awonture vertel het, was hy nog meer verbaas, en gee hy die

bevel dat my hele storie in goue letters moes beskryf word en dan in sy skatkamer bewaar word.

Ek het terug gekeer na my eie woning, en sedert daardie tyd het ek tuis gebly in vrede en veiligheid."

So het Sindbad die storie van sy seereise afgesluit, en toe draai hy na Hindbad toe en sê : „En nou, vriend Hindbad, wat dink jy van die manier waarop ek my rykdom verdien het ?"

„Ag, meneer," antwoord Hindbad, en hy buig laag voor Sindbad, en soen sy hand, „u arbeid en gevare was groot, en u het waaragtig u rykdom verdien. My moeilikheid is soos niks teen dié wat u gehad het nie. Mag u lank lewe en voorspoed geniet !"

Sindbad was in sy skik met hierdie antwoord, en hy gee die bevel dat Hindbad elke dag aan sy tafel moes kom eet, en sy honderd goudstukke ontvang, sodat hy deur sy hele lewe rede sou hê om die awonture van Sindbad die Seeman te onthou.

GEDRUK IN GROOT BRITANJE DEUR
THOMAS NELSON EN SEUNS, BPK.

AAN OM[illegible]INDERS VERTEL

Afrikaanse bewerking deur
MEVR. A. E. CARINUS

Hierin het die volgende deeltjies verskyn :

OOM TOM SE PONDOK

PELGRIM SE REIS

DIE HELDE

STORIES UIT DUISEND-EN-EEN NAGTE

STORIES UIT WAGNER

GULLIVER SE REISE IN LILLIPUT EN BROBDINGNAG

STORIES UIT SHAKESPEARE

VERHALE OOR WILHELM TELL

VERHALE UIT DIE LEWE VAN CHRISTUS

STORIES UIT DIE ILIAS

UITGEWERS
J. L. VAN SCHAIK BPK PRETORIA

AN ONS
KINDERS
VERTEL

DUISEND-EN-EEN NAGTE

AN

K